# Voordele van die pre-forensiese evaluering as deel van die forensiese ondersoekproses rakende seksuele misbruik van 'n kind

**L Labuschagne**
**23873469**

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming vir die graad *Magister* in Maatskaplike Werk, Forensies aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof C Strydom
Medestudieleier: Prof CC Wessels

Maand en jaar van indiening: November 2013

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dit begin alles hier ™

# TOEWYDING

Vir my wonderlike man Gerhard, vir al sy liefde, geduld en ondersteuning

en

my ouers, my ma vir haar onvoorwaardelike ondersteuning en
my pa wie ek elke dag mis.

## DANKBETUIGINGS

Die navorser bedank graag die volgende instansie/persone:

- Die Noord-Wes Universiteit, Potchefstroomkampus, vir die toestemming en die geleentheid om die navorsing te kon uitvoer.
- My studieleiers: Prof Corinne Strydom en Prof Cornelia Wessels, vir hulle advies, leiding en ondersteuning.
- Die deelnemers, vir hulle deelname en insette.
- Mev Linda Van Tonder vir die taalversorging van die artikel.

## INHOUDSOPGAWE

**TOEWYDING……………………………………………………………………………………………i**

**DANKBETUIGINGS…………………….……………………………………………………..ii**

**INHOUDSOPGAWE…………………………………………………………………………iii**

**OPSOMMING…………………………………………………………………………...v**

**ABSTRACT……………………………………………………………………………..x**

**PLEGTIGE VERKLARING…………………………………………………………………xv**

**1. INLEIDING ......................................…………………………………………………….1**

**2. PROBLEEMSTELLING..............................……………………………………………..2**

**3. DOELSTELLING .........................................………………………………………......8**

**4. SENTRALE TEORETIESE STELLING ...................................……………………………..8**

**5. TERMINOLOGIE..........................................................................................................9**

5.1 PRE-FORENSIESE EVALUERING.............................................................................9

5.2 FORENSIESE ONDERSOEKPROSES......................................................................9

5.3 SEKSUELE MISBRUIK VAN ‘N KIND......................................................................10

**6. BEPERKINGE VAN DIE NAVORSING.............................................................................11**

**7. METODE VAN ONDERSOEK ...............................…………………………………….....11**

**7.1 LITERATUUR- OF BRONONTLEDING.......................................................................11**

**7.2 EMPIRIESE ONDERSOEK..........................................................................................12**

7.2.1 Navorsingsontwerp ...........................................................................................12

7.2.2 Deelnemers .....................................................................................................13

7.2.3 Data-insamelingsmetodes .................................................................................15

7.2.4 Data verwerking ...............................................................................................16

7.2.5 Vertrouenswaardigheid .....................................................................................18

7.2.6 Etiese aspekte ..................................................................................................19

7.2.6.1 Ingeligte deelname.........................................................................19

7.2.6.2 Vrywillige deelname........................................................................19

7.2.6.3 Privaatheid en vertroulikheid...........................................................20

7.2.6.4 Terugvoer………………………………………………………………20

**8. NAVORSING BEVINDINGE……………………………………………………………………20**

8.1 TEMA 1: DIE ONDERSOEKPROSES……………………………………………………22

8.1.1 SUBTEMA 1: Die pre-forensiese evaluering…………………………………….22

8.1.2 SUBTEMA 2: ‘n Blinde, geskiedenisvrye of oningeligte ondersoekproses…..26

8.2 TEMA 2: VOORDELE VIR DIE GEBRUIK VAN PRE-FORENSIESE EVALUERING…………………………………………………………………28

8.2.1 SUBTEMA 1: Holistiese beeld ten opsigte van kind se sosio-emosionele funksionering………………………………………………………28

8.2.2 SUBTEMA 2: Bevorder objektiwiteit en neutraliteit van die ondersoekproses……………..…………………….……………32
8.2.3 SUBTEMA 3: Voltooiing van bevoegdheidsevaluasie binne 'n nie -bedreigende omgewing……………………………….……………34
8.2.4 SUBTEMA 4: Rapport bou……………………..………………………………….………37
8.2.5 SUBTEMA 5: Verskaf riglyne vir forensiese ondersoekproses…..…………..38
8,3 TEMA 3: GEEN NADELE AAN DIE PRE-FORENSIESE EVALUERING NIE..……..40
8.4 TEMA 4: PRE-FORENSIESE EVALUERINGSTRUKTUUR IS 'N VOLDOENDE SIFTINGSINSTRUMENT…………………..…………………………….……………..43
8.5 TEMA 5: PRAKTIESE AANBEVELINGS……………..……………………………………44
8.5.1 SUBTEMA 1: Pre-forensiese evaluering opdeel in twee of meer sessies……………………….……………………………………….......44
8.5.2 SUBTEMA 2: Slegs deur opgeleide profesionele persone geïmplementeer word………………………………….……………………….46
**9. GEVOLGTREKKINGS……………..…………………………………………………………….……49**
**10. AANBEVELINGS…………………..……………………………………………………….…………...50**
10.1 Aanbevelings ten opsigte van die pre-forensiese evaluering……..………………….....50
10.2 Aanbevelings met betrekking tot verdere navorsing……………..………………….....51
**11. BIBLIOGRAFIE………………………………………………………………..…………………...52**
**12. BYLAE……………………………………………………………………………….……………..58**
**BYLAAG A: TAALVERSORGING**
**BYLAAG B: DIE SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE**
**BYLAAG C: VOORBEELD VAN VRYWARINGSVORM GETEKEN DEUR DEELNEMERS**
**BYLAAG D: PRE-FORENSIESE EVALUERINGSTRUKTUUR**
**BYLAAG E: PLEGTIGE VERKLARING**

**LYS VAN FIGURE EN TABELLE**

**FIGUUR 1: DIE FASES VAN DIE PRE-FORENSIESE EVALUASIE SESSIE…………………..7**
**TABEL 1: TEMAS EN SUBTEMAS………………………………………………………………21**

**OPSOMMING**

**Voordele van die pre-forensiese evaluering as deel van die forensiese ondersoekproses rakende seksuele misbruik van 'n kind**

**Sleutelterme:** Pre-forensiese evaluering; forensiese ondersoekproses; seksuele misbruik van 'n kind

Die seksuele misbruik van kinders is 'n groeiende sosiale probleem in Suid-Afrika en in die wêreld (Vetten, Jewkes, Fuller, Christofides, Loots & Dunseith, 2008:12-16). In 'n plaaslike dagblad word berig dat soveel as 104 913 ernstige misdade teen kinders sedert 2010 by die Suid Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) aangemeld is. 'n Verdere 49 550 soortgelyke misdade was gedurende 2012/2013 by die SAPD aangemeld (Meiring, 2013:7).

Die seksuele misbruik van kinders is 'n konsep wat eers gedurende die jare sewentig onder die groter publiek se aandag gekom het. In 'n strewe om die konsep, oorsake en gevolge beter te verstaan is daar deur die jare intense navorsing op hierdie gebied gedoen (Herbert, 2000:16). Saam met die toename in kennis oor die aard en omvang van kinder seksuele misbruik het die kennis en teoretiese basis rakende die ondersoekproses met betrekking tot die aantygings van seksuele misbruik ook toegeneem.

Met hierdie navorsing hoop die navorser om 'n bydrae te lewer tot die reeds bestaande kennis en teoretiese basis deur inligting oor die voordele van die pre-forensiese evaluering tydens die ondersoek van beweerde seksuele misbruik van die kind te verskaf.

Die Criminal Law (Sexual offences and related matters) Amendment Act 32 of 2007 (South Africa, 2007:25-27) se definisie van die seksuele misbruik van 'n kind word soos volg opgesom: "A sexual offence occurs when any person engages a child (a person under the age of 18) with or without the consent of the child, in a sexual act. Sexual act is defined as an act of sexual penetration or an act of sexual violation. Sexual penetration can be seen as any sexual form of penetration to any extent whatsoever by die genital organ, any body part and/or object by one person into, or beyond, the genital organs, anus or mouth of another person".

In die strewe om die voorkoms en toename van seksuele misbruik van kinders te beveg, is dit uiters noodsaaklik dat elke aantyging van sekuele misbruik volledig ondersoek word.

Sommige kinders sal seksuele misbruik eers heelwat later, wanneer hulle veilig voel, onthul. Volgens Johnson (2004:465) veroorsaak hierdie vertraging en gevolglike fisiese genesing dat die fisiese bewyse van seksuele misbruik kan verlore gaan. Die afwesigheid van fisiese bewyse beklemtoon die belangrikheid en noodsaaklikheid van die ondersoekproses wat met die kind voltooi moet word (Johnson, 2004:465).

Maatskaplike werkers is dikwels verantwoordelik vir die evaluering van kinders waar daar seksuele misbruik vermoed word. Hierdie evaluering begin met 'n pre-forensiese evaluering. Die doel van die pre-forensiese evaluering is onder andere om, voordat daar oorgegaan word tot 'n volledige forensiese ondersoek, eers vas te stel of daar 'n moontlikheid van seksuele misbruik is. Indien daar in die pre-forensiese ondersoek bevind word dat daar 'n moontlikheid van seksuele misbruik bestaan word daar oorgegaan tot die forensiese ondersoekproses. Laasgenoemde word gedoen deur forensiese feite in te samel wat noodsaaklik is vir die polisie ondersoek en die hof (Clark, 2009:70).

Die erns en sensitiwiteit van 'n aantyging van seksuele misbruik eis dat die maatskaplike werker, te alle tye objektief en neutraal teenoor die betrokke kind asook die aantygings sal wees. Om hierdie rede word die volgende benaderings deur Aucamp (2002a:5) uit gelig: 'n blinde, geskiedenisvrye of oningeligte ondersoekproses, 'n ingeligte ondersoekproses of 'n aantygings-blinde ondersoekproses (Aucamp, 2012a:5).

Dit word algemeen aanvaar dat die maatskaplike werker se objektiwiteit bevorder word deur 'n oningeligte proses te volg. Wanneer 'n geskiedenisvrye of oningeligte ondersoekproses gevolg word, beskik die maatskaplike werker slegs oor inligting wat beperk is tot die betrokke kind se naam, geslag en ouderdom. Voor die eerste kontaksessie beskik die maatskaplike werker oor geen spesifieke inligting rakende die aantygings of die beweerde oortreder nie (Aucamp, 2012a:5).

As deel van die objektiewe en neutrale ondersoekproses is dit ook die betrokke maatskaplike werker se verantwoordelikheid om alternatiewe hipoteses te vorm en te oorweeg (Faller, 2007:41-43). Die maatskaplike werker word in staat gestel om hierdie hipoteses te vorm deur soveel moontlik relevante inligting ten opsigte van die betrokke kind, sovel as die beweerde seksuele misbruik in te samel. Om te verseker dat waardevolle inligting nie gedurende die ondersoekproses verlore gaan nie en dat daar nie alternatiewe verduidelikings vir die aantyging is nie moet verskeie faktore in ag geneem word.

Hewitt (1999:214) meld dat daar verskeie faktore is wat kan veroorsaak dat kinders nie hulle samewerking gedurende 'n formele forensiese onderhoud gee nie. Du Plessis (2012:1)

beveel gevolglik ‘n sosio-emosionele evaluasie aan wat die evalueerder in staat sal stel om inligting van die betrokke kind se funksionering ten opsigte van sy kognitiewe, sosiale, emosionele, spraak- en taalontwikkeling, aandag span, en vlak van samewerking in te kan samel. Bogenoemde sosio-emosionele en agtergrondsinligting word ingesamel deur middel van die pre-forensiese evaluering se gestruktureerde proses.

Die term ‘pre-forensiese evaluering’ is nog ‘n relatief-nuwe term binne die forensiese veld. Daar word na die pre-forensiese evaluering verwys as ‘n siftingsinstrument vir die evaluering van die ontwikkelingsvlak, asook die sosiale- en gedragskwessies binne die konteks van ‘n uitgebreide forensiese ondersoekproses (Carnes, Nelson-Gardell, Wilson & Orgassa 2001:238; Hewitt 1999:194).

Die doelstelling van die navorsing is om die voordele van die pre-forensiese evaluering as beginpunt van die ondersoekproses rakende seksuele misbruik te bepaal ten einde aanbevelings te maak.

Die navorser het die kwalitatiewe benadering benut. Creswell (2013:49) voel dat kwalitatiewe navorsing met aannames vanuit geïnterpreteerde en teoretiese raamwerke begin wat ‘n sosiale of menslike probleem uitlig en sodoende die betekenis wat die individu of groep daaraan toeskryf ondersoek of verken (Creswell, 2013: 44). Die forensiese praktyk is nog ‘n relatief-nuwe veld in Suid-Afrika. Gevolglik is die navorser van mening dat hierdie navorsing sal bydra tot die uitbreiding van die teoretiese en empiriese kennisbasis ten opsigte van die voordele van die pre-forensiese evaluering as deel van die uitgebreide forensiese ondersoekproses.

Twee stelle deelnemers het deelgeneem aan hierdie navorsing en metodes was geïmplementeer om die doelwitte van die interpreterende verkennende studie te bereik:

- 8 geregistreerde maatskaplike werkers, in die Gauteng omgewing;
- 10 kliënte lêers wat die pre-forensiese ondersoekproses insluit en handel oor kinders tussen die ouderdom van 3-6 jaar, waar sekuele misbruik vermoed is.

Metodes van data-insameling het semi-gestruktureerde onderhoude sowel as dokument analise ingesluit. Data is verwerk deur middel van transkipsies, wat verskeie temas en subtemas na vore gebring het. Hierdie temas en subtemas lei die navorser tot spesifieke gevolgtrekkings en stel die navorser in staat om sekere aanbevelings te maak.

- Al 8 deelnemende geregistreerde maatskaplike werkers maak gebruik van die pre-forensiese evaluering as beginpunt van die ondersoekproses na die aantygings van seksuele misbruik;
- Al 8 deelnemende geregistreerde maatskaplike werkers verkies om ‘n oningeligte benadering te volg en stem ooreen rakende die voordele van die proses. Al die deelnemers stem ooreen met die volgende voordele rakende die gebruik van die pre-forensiese evalueringsproses:
    - Stel die evalueerder in staat om ‘n holistiese beeld van die kind se sosio-emosionele funksionering te vorm;
    - Bevorder objektiwiteit en neutraliteit van die ondersoekproses;
    - Bied aan die ondersoeker die geleentheid om die bevoegdheidsevaluasie van die kind binne ‘n nie-bedreigende omgewing te voltooi;
    - Skep vir die ondersoeker die geleentheid om rapport met die kind te bou.
    - Voorsien die ondersoeker van riglyne vir die verdere forensiese ondersoekproses.

Die navorser het ook gevind dat geen deelnemers spesifieke nadele rakende die gebruik van die pre-forensiese evalueringstruktuur gestipuleer het nie.

Nog ‘n tema wat na vore gekom het gedurende die data-verwerking was dat die pre-forensiese evalueringstruktuur voldoende is as siftingsinstrument.

Die volgende praktiese aanbevelings het na vore gekom gedurende die data-verwerking:

- Om die pre-forensiese evalueringstruktuur op te deel in twee of meer sessies;
- Dat slegs professioneel opgeleide persone toegelaat moet word om die pre-forensiese evaluering te implementeer;
- Om die pre-forensiese evalueringsproses te standaardiseer vir die ondersoek van beweerde seksuele misbruik;
- Dat die pre-forensiese evaluering geïmplementeer moet word vir die evaluering van alle kinders wat sorgbehoewend is en nie slegs in gevalle waar seksuele misbruik vermoed word nie;

In konklusie gebaseer op die navorsingsbevindinge word die volgende aanbevelings met betrekking tot verdere navorsingstemas gemaak:

- Die evaluering van geldige evalueringstegnieke wat ingesluit kan word by die pre-forensiese evalueringstruktuur.
- Die evalueerder se belewenis van die pre-forensiese evalueringstruktuur.
- Die effektiwiteit van die pre-forensiese evalueringstruktuur as siftingsinstrument.
- SAPD en welsynsorganisasies se reaksies of belewenis rakende inligting wat deur middel van pre-forensiese evalueringsverslae tydens aanmeldings verstrek word.

Die navorser glo dat hierdie navorsing die voordele rakende die gebruik van die pre-forensiese evaluering, in gevalle waar die seksuele misbruik van ‘n kind vermoed word, suksesvol illustreer. Sy glo ook dat indien die aanbevelings van hierdie navorsing gevolg sal word die ondersoekproses bespoedig kan word. Sy glo verder dat indien die voorgestelde temas verder geëksploreer kan word dit ‘n positiewe bydra tot die kennisbasis ten opsigte van die pre-forensiese evaluering sal maak en sodoende voordelig sal wees vir alle betrokke partye.

## ABSTRACT

**Advantages of implementing pre-forensic evaluation as part of the forensic investigating process concerning sexual abuse of a child.**

**Keywords:** Pre-forensic evaluation; forensic evaluation process, child sexual abuse

The sexual abuse of children presents as an ever-increasing social concern in South-Africa and the rest of the world. A daily newspaper reports that 104 913 serious crimes against children were reported to the South African Police Service (SAPS) since 2010. Another 49 550 serious crimes against children were reported during 2012/2013 at the SAPS (Meiring, 2013:7).

The concept of child sexual abuse only became publically known in the seventies. Since then intense research has been done in an effort to gain a better understanding regarding the concept, causes and effects of child sexual abuse (Herbert, 2000:16). However, not only was knowledge gained regarding the extent of child sexual abuse, but there has also been an increase of knowledge involving the theoretical base of the methods of investigation with regard to child sexual abuse.

Through this specific research project the researcher will endeavor to contribute to the existing theoretical knowledge base by researching and describing the benefits of implementing pre-forensic evaluation when investigating the presumed sexual abuse of a child.

A summary of The Criminal Law (Sexual offences and related matters) Amendment Act 32 of 2007's (South-Africa 2007:25-27) definition of child sexual abuse is as follow: "A sexual offence occurs when any person engages a child (a person under the age of 18) with or without the consent of the child, in a sexual act. Sexual act is defined as an act of sexual penetration or an act of sexual violation. Sexual penetration can be seen as any sexual form of penetration to any extent whatsoever by die genital organ, any body part and/or object by one person into, or beyond, the genital organs, anus or mouth of another person".

In order to combat the incidence and increase of child sexual abuse it is imperative that every accusation regarding the possibility of such abuse should be investigated thoroughly. Due to the fact that some children will only disclose sexual abuse when the are in a safe

environment, the whole process could be delayed if the child does not feel safe. Johnson (2004:465) postulates that this delay could jeopardize the whole process because when physical healing had occurred the physical evidence could be destroyed. The absence of physical evidence stresses the importance of the implementation of the forensic investigation process.

Social workers are regularly required to evaluate children when sexual abuse is suspected. This process often starts with a pre-forensic evaluation in order to ascertain the probability of sexual abuse. If the pre-forensic investigation confirms the possibility of such abuse, the next step is to conduct a formal forensic investigation. Clark (2007:70) explains that this investigation is used to gather relevant factual information required for police investigation and for use in a court of law.

Due to the seriousness and sensitivity regarding allegations of child sexual abuse, it is imperative that the social worker should remain neutral and objective at all times. When investigating such allegations Aucamp (2012a:2) advocate three approaches. These approaches are: A blind, history-free, uninformed approach; An informed approach or an allegation-blind approach.

It is generally accepted that through the use of the uninformed approach the objectivity of the social worker is enhanced. This is due to the fact that in this approach restricted information is passed on to the social worker, i.e. she has no prior knowledge regarding the perpetrator or the allegations, but only knows the name, gender and age of the specific child (Aucamp, 2012a:5). Faller (2007:41-43) declares that in order to ensure objectivity the postulation of alternative hypotheses form part and parcel of the task of the social worker. The social worker is enabled to formulate these varied hypotheses when as much information as possible relevant to the specific situation is collected. The collection of this data ensures that important information does not get lost and that no alternative explanation can be given for the allegations.

Hewitt (1999:214) points out that many factors can add to the child's inability to cooperate during a formal forensic investigation. Du Plessis (2012:1) therefore recommends a socio-emotional evaluation which will enable the investigator to understand the child's cognitive, social, emotional, speech and language development as well as the scope of his attention span and level of cooperation. The gathering of all this information is made possible because of the structured nature of the pre-forensic evaluation process.

Within the scope of the forensic field the term and concept ‘pre-forensic evaluation’ is relatively new. This process is regarded as a mechanism to sift through data in order to evaluate the child’s level of development as well as the social and behavior issues within the focus of the extended forensic investigation process (Carnes, Nelson-Gardell, Wilson & Orgasa, 2001:238).

The objective of this research project was to establish the benefits of the pre-forensic evaluation as the starting point for investigating child sexual abuse in order to make recommendations.

In this research the researcher used a qualitative approach which implies a broad approach to the study of social phenomena by implementing a variety of research methods. As this field of forensics is relatively new in South- Africa, the researcher is of the opinion that this research will add to the theoretical and empirical base of knowledge regarding the benefits of the pre-forensic evaluation as part of the extended forensic investigation process.

The following participants were involved and methods utilized to reach the objective of this explorative study:

- 8 registered social workers , resident in Gauteng;
- 10 client files projecting the use of the pre-forensic investigation process in the lives of children between ages 3 and 6 and where possible sexual abuse was suspected.

The methods of data collection involved semi-structured interviews as well as document analysis. Data was processed by means of transcriptions, which elicited various themes and sub-themes which in turn led the researcher to come to specific conclusions in order to make certain recommendations.

- All 8 participating registered social workers have applied the pre-forensic evaluation as starting point of the investigation into allegations of sexual abuse;
- All 8 participating registered social workers preferred to follow the uninformed approach and agreed on the benefits of this process;

All respondents agreed on the following benefits of the pre-forensic evaluation process:

- It provides a holistic view on the child’s socio-emotional functioning;
- It improves and enhances objectivity and neutrality on the part of the investigator and the investigation;

- It enables the researcher to complete a competency evaluation of the child within a non-threatening environment;
- It provides ample opportunity for the social worker to build rapport with the child;
- It provides guidelines to be followed during the formal forensic investigation process.

The researcher also found that none of the participants relayed specific disadvantages regarding the use of the pre-forensic evaluation process.

Another theme which crystallized when data was analyzed was that the pre-forensic evaluation structure is sufficient to serve as a screening instrument.

The following practical recommendations came to the fore in the process of data analysis:

- To divide the pre-forensic evaluation process into two or more sessions;
- To allow only trained professional workers to implement the pre-forensic evaluation process;
- To standardize the pre-forensic evaluation process for investigating presumed sexual offences;
- That pre-forensic evaluation be utilized in the case of all children in need of care and not only when sexual abuse is suspected;

In conclusion, with regard to future research themes the researcher would like to propose the following:

- The evaluation of valid evaluation techniques which could be included in the pre-forensic evaluation structure;
- The evaluators' experience and perception regarding the pre-forensic evaluation structure;
- The effectiveness of using the pre-forensic evaluation structure as a screening instrument;
- The reactions and perceptions shown by members of the SAPS and Social Welfare Services with regard to using information that was gathered and passed on to them by means of pre-forensic reports.

The researcher believes that this research successfully showed the benefits of the pre-forensic evaluation process when investigating suspected cases of child sexual abuse. She also believes that if the recommendations of this study would be followed, the whole processed could be streamlined and if the suggested themes were explored, the base of

knowledge regarding the pre-forensic evaluation structure would be broadened to benefit all parties involved in this process.

## PLEGTIGE VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Lizette Labuschagne, dat hierdie artikel getitel "Voordele van die pre-forensiese evaluering as deel van die forensiese ondersoekproses rakende seksuele misbruik van 'n kind" my eie werk is. Ek verklaar ook dat alle bronne en verwysings waarvan daar gebruik gemaak is of aangehaal is deur my deur middel van gestandaardiseerde verwysings tegnieke aangedui en erken is.

____________________________ ____________________________

Handtekening Datum

# VOORDELE VAN DIE PRE-FORENSIESE EVALUERING AS DEEL VAN DIE FORENSIESE ONDERSOEKPROSES RAKENDE SEKSUELE MISBRUIK VAN 'N KIND

Mev L Labuschagne, Magister in Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Prof C Strydom, dosent in Maatskaplike Werk aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Prof CC Wessels, dosent in Maatskaplike Werk aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

**SLEUTELTERME:** Pre-forensiese evaluering; forensiese ondersoekproses; seksuele misbruik van 'n kind

## 1. INLEIDING

Die seksuele misbruik van kinders is 'n groeiende sosiale probleem in Suid-Afrika en in die wêreld (Vetten, Jewkes, Fuller, Christofides, Loots & Dunseith, 2008:12-16). Gebaseer op 'n nasionale opname, uitgevoer deur die Nasionale Gesondheids Departement, verklaar Shilumani (2004:1) dat soveel as 21 427 gevalle van kinder seksuele misbruik gedurende die jaar 2000 by die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) aangemeld is. 'n Totaal van 1.5% van die vroue wat aan die opname deelgeneem het, het aangedui dat hulle voor die ouderdom van 15 jaar seksueel misbruik is (Shilumani, 2004:1). Statistiek toon aan dat een uit elke ses gevalle van verkragting wat gedurende 2003 in Suid Afrika aangemeld is in Gauteng plaasgevind het, en dat dit hoofsaaklik dogters onder die ouderdom van 12 jaar was. Volgens Vetten, *et al*. (2008:12-16) blyk dit dat hierdie dogters herhaaldelik seksueel misbruik is.

Earl-Taylor (2002:1) se navorsing toon dat Suid-Afrika die land is met die hoogste syfer van kinder seksuele misbruik in die wêreld. Volgens hierdie navorsing was daar 21 000 gevalle van kinder verkragting gedurende 2001 in Suid-Afrika aangemeld. Aangesien daar beweer word dat slegs 1 uit 35 gevalle aangegemeld word, kan die werklike getal veel hoër wees.

Die jaarlikse verslag van die SAPD wat in September 2005 vrygestel is toon dat 40.8% van verkragtingsgevalle wat gedurende 2004/5 aangemeld is dié van kinders was (Bezuidenhout, 2008:58). In 2007/8 is gevind dat 45% van verkragtingsake wat aangemeld is dié van kinders was (Romanian National Vanguard News Agency, soos in Ah Hing, 2010:73).

In 'n plaaslike dagblad word berig dat soveel as 104 913 ernstige misdade teen kinders sedert 2010 by die SAPD aangemeld is. 'n Verdere 49 550 soortgelyke misdade was gedurende 2012/2013 by die SAPD aangemeld (Meiring, 2013:7).

Die seksuele misbruik van kinders is 'n konsep wat eers gedurende die jare sewentig onder die groter publiek se aandag gekom het. In 'n strewe om die konsep, oorsake en gevolge beter te verstaan is daar deur die jare intense navorsing op hierdie gebied gedoen (Herbert, 2000:16). Saam met die toename in kennis oor die aard en omvang van kinder seksuele misbruik het die kennis en teoretiese basis rakende die ondersoekproses met betrekking tot die aantygings van seksuele misbruik ook toegeneem.

Met hierdie navorsing hoop die navorser om 'n bydrae te lewer tot die reeds bestaande kennis en teoretiese basis deur inligting oor die voordele van die pre-forensiese evaluering tydens die ondersoek van beweerde seksuele misbruik van die kind te verskaf.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Wanneer die term 'seksuele misbruik van 'n kind' gebruik word is dit belangrik dat daar duidelikheid bestaan oor wat die term behels en beteken. Dit sal ook bydra tot die leser se begrip en die leser van 'n raamwerk voorsien waarbinne die probleem verstaan kan word. Binne die psigo-sosiale veld word seksuele misbruik van 'n kind soos volg gedefinieer: Seksuele misbruik vind plaas wanneer 'n individu met meerdere kennis, ouderdom of mag 'n meer naïewe, kwesbare of swakker persoon by 'n geseksualiseerde verhouding betrek,

ongeag met of sonder die jonger persoon se toestemming. Gevolglik kan enige interaksie tussen ‘n volwassene en ‘n kind waar die fokus op die bevrediging van die volwassene se seksuele behoeftes is, as kinder seksuele misbruik beskryf word (Richter & Higson-Smith, 2004:24).

Die Criminal Law (Sexual offences and related matters) Amendment Act 32 of 2007 (South Africa, 2007:25-27) se definisie van die seksuele misbruik van ‘n kind word soos volg opgesom: “A sexual offence occurs when any person engages a child (a person under the age of 18) with or without the consent of the child, in a sexual act. Sexual act is defined as an act of sexual penetration or an act of sexual violation. Sexual penetration can be seen as any sexual form of penetration to any extent whatsoever by die genital organ, any body part and/or object by one person into, or beyond, the genital organs, anus or mouth of another person”.

In die strewe om die voorkoms en toename van seksuele misbruik van kinders te beveg, is dit uiters noodsaaklik dat elke aantyging van sekuele misbruik volledig ondersoek word. Sommige kinders sal seksuele misbruik eers heelwat later, wanneer hulle veilig voel, onthul. Volgens Johnson (2004:465) veroorsaak hierdie vertraging en gevolglike fisiese genesing dat die fisiese bewyse van seksuele misbruik kan verlore gaan. Die afwesigheid van fisiese bewyse beklemtoon die belangrikheid en noodsaaklikheid van die ondersoekproses wat met die kind voltooi moet word (Johnson, 2004:465).

Maatskaplike werkers is dikwels verantwoordelik vir die evaluering van kinders waar daar seksuele misbruik vermoed word. Hierdie evaluering begin met ‘n pre-forensiese evaluering. Die doel van die pre-forensiese evaluering is onder andere om, voordat daar oorgegaan word tot ’n volledige forensiese ondersoek, eers vas te stel of daar ’n moontlikheid van seksuele misbruik is. Indien daar in die pre-forensiese ondersoek bevind word dat daar ’n moontlikheid van seksuele misbruik bestaan word daar oorgegaan tot die forensiese ondersoekproses. Laasgenoemde word gedoen deur relevante forensiese feite in te samel wat noodsaaklik is vir die polisie ondersoek en die hof, ten einde te kan verstaan of daar enige seksuele misbruik plaasgevind het (Clark, 2009:70).

Die erns en sensitiwiteit van ‘n aantyging van seksuele misbruik eis dat die maatskaplike werker, te alle tye objektief en neutraal teenoor die betrokke kind asook die aantygings sal

wees. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat die proses wat die maatskaplike werker in die forensiese praktyk gebruik vir die hof aanvaarbaar moet wees.

Daar is verskeie benaderings wat gevolg kan word wanneer aantygings van seksuele misbruik ondersoek word. Die benaderings word in drie kategorieë opgedeel naamlik: 'n blinde, geskiedenisvrye of oningeligte ondersoekproses, 'n ingeligte ondersoekproses of 'n aantygings-blinde ondersoekproses (Aucamp, 2012a:5). Die maatskaplike werker se objektiwiteit word bevorder deur 'n oningeligte proses te volg.

Wanneer 'n geskiedenisvrye of oningeligte ondersoekproses gevolg word, beskik die maatskaplike werker slegs oor inligting wat beperk is tot die betrokke kind se naam, geslag en ouderdom. Voor die eerste kontaksessie beskik die maatskaplike werker oor geen spesifieke inligting rakende die aantygings of die beweerde oortreder nie (Aucamp, 2012a:5). Die verskil tussen 'n blinde en aantygings-blinde ondersoekproses word soos volg gegee: 'n Blinde ondersoekproses impliseer dat geen inligting aangaande die kind voor die aanvang van die pre-forensiese evalueringsessie aan die maatskaplike werker bekend is nie. 'n Aantygings-blinde ondersoekproses impliseer dat alhoewel die maatskaplike werker oor beperkte inligting rakende die kind en moontlik die gesinsisteme beskik, geen inligting rakende die aantygings van seksuele misbruik of die beweerde oortreder voor die aanvang van die pre-forensiese evaluering aan die maatskaplike werker bekend is nie (Aucamp, 2012a:5).

Wanneer 'n ingeligte ondersoekproses gevolg word, beskik die maatskaplike werker voor die aanvang van die pre-forensiese evaluering met die kind oor breedvoerige inligting oor die kind, gesinsisteme, die aantygings van seksuele misbruik asook die beweerde oortreder (Aucamp, 2012a:5). Cronch, Viljoen en Hansen (2006:195) is van mening dat wanneer 'n maatskaplike werker 'n ingeligte ondersoekproses volg dit moontlik die maatskaplike werker se objektiwiteit kan beïnvloed. Gevolglik kan dit daartoe lei dat die maatskaplike werker uitlokkende of voorstellende vrae sal vra (APSAC soos in Cronch *et al.*, 2006).

As deel van die objektiewe en neutrale ondersoekproses is dit ook die betrokke maatskaplike werker se verantwoordelikheid om alternatiewe hipoteses te vorm en te oorweeg (Faller, 2007:41-43). Die maatskaplike werker word in staat gestel om hierdie hipoteses te vorm deur soveel moontlik relevante inligting rakende die betrokke kind, sovel

as die beweerde seksuele misbruik in te samel. Om te verseker dat waardevolle inligting nie gedurende die ondersoekproses verlore gaan nie en dat daar nie alternatiewe verduidelikings vir die aantyging is nie moet verskeie faktore in ag geneem word.

Wanneer die aantygings van seksuele misbruik binne die kind se lewenskonteks aanskou word kan alternatiewe hipoteses gevorm en oorweeg word. Om die maatskaplike werker in staat te stel om die aantygings binne die kind se lewenskonteks te bestudeer en sodoende alle alternatiewe verduidelikings te kan oorweeg, moet 'n volledige geskiedenis van die kind verkry word. Hewitt (1999:149) is van mening dat sonder 'n duidelike geskiedenis van die kind se ontwikkeling, vorige ondervindings of blootstellings aan trauma-verwante ondervindings die risiko bestaan dat inligting wat gedurende die formele forensiese onderhoud ingesamel is verkeerdelik geïnterpreteer kan word.

Daar word gevolglik aanbeveel dat die ondersoekproses geskiedenisvry en met 'n pre-forensiese evaluering begin. Die pre-forensiese evaluering bestaan uit 'n gestruktureerde proses wat dit vir die betrokke maatskaplike werker moontlik maak om breedvoerige inligting rakende die kind, sy leefwêreld en die beweerde seksuele misbruik in te samel sonder dat haar objektiwiteit beïnvloed of bevraagteken kan word.

Breedvoerige inligting moet ingesamel word, omdat die geldigheid en kwaliteit van die inligting wat van die kind verkry is deur verskeie faktore beïnvloed kan word. Faktore soos byvoorbeeld 'n vorige onthulling, vlak van ondersteuning deur die nie-oortredende ouer/s, die kind se ontwikkelingsvlak en sy verhouding met die oortreder (Olafson & Lederman, 2006:27). Dit is ook belangrik om faktore soos die betrokke kind se ontwikkelingsvlak ten opsigte van spraak, taalvaardigheid en emosionele toestand in ag te neem (Hewitt, 1999:214).

Bogenoemde inligting is nodig om die maatskaplike werker in staat te stel om die dinamika van seksuele misbruik en die onthullingsproses in konteks te plaas. Dit kan gedoen word deur volledige agtergrondsinligting rakende die kind in te samel (Aucamp, 2012b:3-15).

Hewitt (1999:214) meld ook dat as gevolg van kinders se emosionele toestand, swak bemeestering van spraak en taal-vaardighede of 'n vrees om gekritiseer te word nie alle kinders hulle samewerking gedurende 'n formele forensiese onderhoud gee nie. Du Plessis (2012:1) noem dat in hierdie gevalle veral 'n sosio-emosionele evaluasie van die

kind nodig is. Volgens Du Plessis (2012:1) stel hierdie evaluasie die evalueerder in staat om inligting van die betrokke kind se funksionering ten opsigte van sy kognitiewe, sosiale, emosionele, spraak- en taalontwikkeling, aandag span, en vlak van samewerking in te samel.

Hierdie inligting, gekombineer met die betrokke kind se geskiedenisinligting, word dan as agtergrondsinligting gebruik waarop die maatskaplike werker die forensiese onderhoude en verdere ondersoekproses baseer deur die betrokke kind se spesifieke behoeftes in ag te neem (Aucamp, 2012c:21; Hewitt, 1999:214). Bogenoemde sosio-emosionele en agtergrondsinligting word ingesamel deur middel van die pre-forensiese evaluering se gestruktureerde proses.

Die term 'pre-forensiese evaluering' is nog 'n relatief-nuwe term binne die forensiese veld. Daar word na die pre-forensiese evaluering verwys as 'n siftingsinstrument vir die evaluering van die ontwikkelingsvlak, asook die sosiale- en gedragskwessies binne die konteks van 'n uitgebreide forensiese ondersoekproses (Carnes, Nelson-Gardell, Wilson & Orgassa 2001:238; Hewitt 1999:194).

Die pre-forensiese evaluering is gestruktureer om omslagtige en uitgebreide inligting rakende die kind in te samel. Die doel van die pre-forensiese evaluering is om deur middel van 'n verskeidenheid ouderdomstoepaslike tegnieke, wat empiries en teoreties gegrond is, 'n omvattende begrip van die kind se emosionele-, sosiale-, gedrags- en ontwikkelingsfunksionering te vorm. 'n Verdere doel is om insig te verkry oor die kind se belewenis van die verskillende sisteme en individue wat in sy lewe of leefwêreld betrokke is (Aucamp, 2012d:1). Die doel is dus om 'n holistiese beeld van die kind binne sy konteks te vorm (Du Plessis, 2012:13). As deel van die pre-forensiese evaluering word daar ook 'n bevoegdheidsevaluasie met die betrokke kind voltooi (Poole & Lamb, 1999:98).

Die pre-forensiese evaluering bied ook aan die kind die geleentheid om geleidelik binne 'n nie-bedreigende omgewing die misbruik te kan onthul en stel dus die maatskaplike werker in staat om die aard en omvang van die beweerde misbruik te evalueer (Carnes, *et al.*, 2001:237).

Verder dra die pre-forensiese evaluering by tot die neutraliteit en objektiwiteit van die maatskaplike werker, omdat alle sisteme en individue betrokke in of by die betrokke kind

se lewe op dieselfde wyse en dieselfde tyd ondersoek word (Aucamp, 2012c:21). Die pre-forensiese evaluering word in ‘n gestruktureerde proses opgedeel wat uit sewe fases bestaan soos in die onderstaande figuur uiteengesit (Aucamp, 2012d: 2).

Figuur1:




Die pre-forensiese evalueringsessie bied ook die geleentheid om rapport met die kind te bou. Collins, Lincoln en Frank (2002:71) definieer ‘rapport’ soos volg: “Rapport can be defined as a harmonious, empathetic or sympathetic relation or connection to another self”. Verder word dit beskryf as “an accord or affinity, in an ecological alignment with another system” (Newberry & Stubbs, 1990: 14). Volgens Collins *et al.* (2002:71) skep rapport harmonie in die onderhoud en het dit ‘n vrylike bespreking of gesprek tot gevolg wat die kind se samewerking sal bevorder. Die pre-forensiese evalueringsessie kan dus as voordelig beskou word.

Die pre-forensiese evalueringsessie het verdere waarde want, soos Hershkowitz, Orback, Lamb, Sternberg en Horowitz (2005:766) waarsku dat indien die kwessie van misbruik te vinnig geëksploreer word of voordat die kind in episodiese geheue herroeping opgelei is,

dit kan veroorsaak dat die kind nie sal onthul nie. Gevolglik word voorgestel dat sommige kinders meer as een sessie mag nodig hê voordat hulle volledige inligting rakende seksuele misbruik sal onthul (Hershkowitz, *et al.,* 2005:767).

In Suid-Afrika bestaan daar nog nie ‘n formele beperking of minimum vereiste vir die vlak van opleiding en/of ondervinding vir maatskaplike werkers wat die seksuele misbruik van kinders kan ondersoek nie. Die navorser is van mening dat uitgebreide en addisionele opleiding van maatskaplike werkers om forensiese ondersoeke uit te voer, en die spesifisering van forensiese werk as ‘n spesialiteitsveld uiters noodsaaklik is. Deur navorsing het Bull en Corran (2002:320) bevind dat die forensiese ondersoeker se manier, styl en gedrag ‘n invloed op die kind se reaksie en vermoë om waardevolle inligting deur te gee of selfs op die onthullingsproses kan hê.

Uit bogenoemde ontstaan die volgende navorsingsvraag: **“Watter voordele kan ‘n pre-forensiese evaluering inhou vir die maatskaplike werker binne die forensiese praktyk as deel van die forensiese ondersoekproses?”**

## 3. DOELSTELLING

Die doelstelling van die navorsing is om die voordele van die pre-forensiese evaluering as beginpunt van die ondersoekproses rakende seksuele misbruik te bepaal ten einde aanbevelings te maak.

## 4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Deur gebruik te maak van die pre-forensiese evalueringsessie kan die forensiese ondersoekproses bespoedig word, omdat daar in een sessie reeds uitgebreide betroubare inligting ingesamel kan word. Die inligting verkry uit die pre-forensiese evaluering dien as riglyn vir die verdere forensiese ondersoekproses en verseker dat ‘n doelgerigte proses gevolg word. Dit stel dus die maatskaplike werker in staat om die beweerde seksuele misbruik binne die kind se lewenskonteks te aanskou en sodoende word die kredietwaardigheid van die ondersoekproses bevorder deur alternatiewe hipoteses te vorm en te oorweeg.

## 5. TERMINOLOGIE

### 5.1 PRE-FORENSIESE EVALUERING

Die pre-forensiese evaluering verwys na ‘n gestruktureerde evaluering aan die begin van die ondersoekproses met betrekking tot die aantygings van die seksuele misbruik van ‘n kind. Die gestruktureerde evaluering stel die maatskaplike werker in staat om deur middel van ‘n verskeidenheid ouderdomstoepaslike evalueringstegnieke wat empiries en teoreties gegrond is, ‘n omvattende begrip van die kind se emosionele-, sosiale-, gedrags- en ontwikkelingsfunksionering te vorm, asook die kind se belewenis van die verskillende sisteme en individue wat in sy lewe of leefwêreld betrokke is (Aucamp, 2012c:21; Aucamp, 2012d:1). Die doel van die evaluering is dus om ‘n begrip te vorm van die veelvuldige bydraende faktore rakende die presenterende probleem om sodoende op die beste intervensie te besluit (Aucamp, 2012d:1).

### 5.2 FORENSIESE ONDERSOEKPROSES

Die term ‘forensies’ word in die Oxford woordeboek soos volg gedefinieer: “relating to courts of law.” Die term ‘forensiese maatskaplike werk’ word soos volg deur Baker (1995:140) gedefinieer: “A specialised field of social work practice that is characterised by the social worker’s primary function of providing expert testimony in courts of law” (Weyers, 2001:2).

Die forensiese ondersoekproses verwys gevolglik na die ondersoekproses soos geadministreer deur die maatskaplike werker aan die hand van relevante feite met betrekking tot beweerde seksuele misbruik van ‘n kind. Die rol van die maatskaplike werker is nie om beslissende antwoorde op vrae rakende aantygings van seksuele misbruik te gee nie, maar om deur middel van ‘n forensiese ondersoekproses relevante feitlike inligting rakende die beweerde seksuele misbruik in te samel en aan die hof deur te gee (Clark, 2009: 70).

Die forensiese ondersoekproses verwys na die proses wat deur die maatskaplike werker gevolg word om hierdie relevante feitlike inligting in te samel, te verwerk, te interpreteer en deur te gee.

### 5.3 SEKSUELE MISBRUIK VAN 'N KIND

Volgens Herbert (2000:15) word die meerderheid van kinders se eerste seksuele ondervindings deur die ongevraagde seksuele kontak met volwassenes gekenmerk. Du Plessis (2012:3) is van mening dat daar nie tans 'n duidelike of spesifieke definisie van kinder seksuele misbruik bestaan nie.

Die Criminal Law (Sexual offences and related matters) Amendment Act 32 of 2007 (South Africa, 2007:25-27) se definisie van die seksuele misbruik van 'n kind word soos volg opgesom: "Sexual abuse occurs when any person engages a child (a person under the age of 18) with or without the consent of the child, in a sexual act. Sexual act is defined as an act of sexual penetration or an act of sexual violation. Sexual penetration can be seen as any sexual form of penetration to any extent whatsoever by die genital organ, any body part and/or object by one person into, or beyond, the genital organs, anus or mouth of another person."

Die term 'seksuele misbruik van 'n kind' sluit volgens Herbert (2000:16) die volgende aksies in: Verkragting, seksuele omgang, sodomie, masturbasie, digitale (vinger) penetrasie, seksuele betasting, ekshibisionisme en die betrekking van 'n kind by pornografiese aktiwiteite.

Binne die psigo-sosiale veld word seksuele misbruik van 'n kind soos volg gedefinieer: Wanneer 'n individu met gevorderde kennis, ouderdom of mag 'n meer naïewe, kwesbare of swakker persoon betrek by 'n geseksualiseerde verhouding, met of sonder die betrokke persoon se toestemming. Enige interaksie tussen 'n volwassene en 'n kind waar die fokus op die bevrediging van die volwassene se seksuele behoeftes is kan dus as kinder seksuele misbruik beskryf word (Richter & Higson-Smith, 2004:24; Sanderson, 2006:25).

Die Amerikaanse Sielkunde Vereniging 'The American Psychological Association' of APA (APA, soos in Du Plessis, 2012:3) definieer kinder seksuele misbruik soos volg: "The central characteristic of any abuse is the dominant position of an adult that allows him or her to force or coerce a child into sexual activity. Child sexual abuse may include fondling a child's genitals, masturbation, oral-genital contact, digital penetration, and vaginal and anal intercourse. Child sexual abuse is not solely restricted to physical contact: such

abuse could include non-contact abuse, such as exposure, voyerism and child pornography.”

## 6. BEPERKINGE VAN DIE NAVORSING

Die term ‘pre-forensiese evaluering’ asook die gebruik van die pre-forensiese evaluering is nog relatief nuut. Die gevolg hiervan is dat daar ‘n beperkte hoeveelheid literatuur oor hierdie onderwerp beskikbaar is.

Slegs ‘n klein groepie professionele persone is tans opgelei in die pre-forensiese evaluering en gevolglik was die navorsing tot ‘n kleiner populasie van deelnemers beperk wat aan die insluitingskriteria voldoen het.

## 7. METODE VAN ONDERSOEK

### 7.1 LITERATUUR- OF BRONONTLEDING

Die oorsig van relevante literatuur is ‘n noodsaaklike deel van die navorsingsproses. ‘n Deeglike en ingeligte bespreking van bestaande relevante literatuur vorm ‘n logiese raamwerk vir die navorsing en plaas die navorsing binne die konteks van bestaande en verwante studies (Marshall & Rossman, 2006:43).

Volgens Delport, Fouché en Schurink (2011:302) dien die literatuuroorsig vier onderskeie funksies binne ‘n kwalitatiewe navorsingstudie. Hierdie funksies behels die volgende: Om die onderliggende aannames van die algemene navorsingsvraag te bepaal. Sodoende word die belangrikheid van die spesifieke navorsing en die waarde wat dit bydra tot die uitbreiding en groei van teorie uitgelig. Tweedens demonstreer die literatuurstudie dat die navorser oor uitgebreide kennis ten opsigte van verwante navorsing beskik. Derdens demonstreer die literatuurstudie die navorser se vermoë om leemtes in vorige navorsingstudies te identifiseer en daarop te kan voortbou. Laastens help die literatuurstudie die navorser om die navorsingsvraag te formuleer en te verfyn om sodoende te verseker dat die betrokke navorsing van waarde vir die navorsingsgemeenskap en praktyk sal wees.

Die navorser het nasionale en internasionale literatuur bestudeer wat betrekking het op die forensiese ondersoekproses wanneer aantygings van seksuele misbruik van kinders gemaak word. Die fokus van die literatuurstudie was op die elemente van die sosio-emosionele evaluering en hoe dit verband hou met die pre-forensiese evaluering. Verder is daar op die elemente van ‘n pre-forensiese ondersoekproses gefokus, hoe die ondersoek benader kan word om die maatskaplike werker se objektiwiteit te bevorder en hoe om die insameling van kwaliteitinligting te bevorder. Die literatuurstudie sluit boeke, joernaalartikels en skripsies in. Die navorser het gebruik gemaak van die EBSCO Host, GOOGLE Scholar en PsycINFO databasisse en ander internet bronne om toegang tot bogenoemde literatuur te kry.

## 7.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

### 7.2.1 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp is die plan waarvolgens die navorsing uitgevoer gaan word (Creswell, 2013:49). Dit wil sê die navorsingsontwerp stipuleer watter data benodig word, hoe dit ingesamel en geanaliseer gaan word ten einde die navorsingsvraag te beantwoord. Hierdie navorsingstudie maak van ‘n interpreterende verkennende gevallestudie-ontwerp gebruik.

Die navorser het die kwalitatiewe benadering benut. Creswell (2013:49) is van mening dat daar nie werklik ‘n spesifieke riglyn is waarvolgens ‘n kwalitatiewe navorsingsbenadering uitgevoer moet word nie. Hy voel dat kwalitatiewe navorsing met aannames vanuit geïnterpreteerde en teoretiese raamwerke begin wat ‘n sosiale of menslike probleem uitlig en sodoende die betekenis wat die individu of groep daaraan toeskryf ondersoek of verken (Creswell, 2013: 44). Die kwalitatiewe navorser maak van induktiewe denkpatrone gebruik. Spesifieke waarnemings word geselekteer en geëksploreer om beskrywings van die groter geheel te bepaal (Babbie, 2007:49; Neuman, 2006:60). Induktiewe strategieë stel die navorser in staat om ‘n algemene tema of teorie te verfyn en uit te brei tot ‘n spesifieke teoretiese konsep (Delport & De Vos, 2011:49). Marshall en Rossman (2006:2) verduidelik dat kwalitatiewe navorsing ‘n breë benadering tot die studie van sosiale

verskynsels is en dat daar gebruik gemaak word van ‘n verskeidenheid van ondersoekmetodes.

Die forensiese praktyk is nog ‘n relatief-nuwe veld in Suid-Afrika en gevolglik is die beskikbaarheid van literatuur ten opsigte van die Suid-Afrikaanse perspektief beperk. Nasionaal en internasionaal is literatuur ten opsigte van die pre-forensiese evaluering ook beperk. Hierdie navorsing sal gevolglik as verkennende studie dien en sodoende bydra tot die uitbreiding van die teoretiese en empiriese kennisbasis ten opsigte van die voordele van die pre-forensiese evaluering as deel van die uitgebreide forensiese ondersoekproses. Davies (2006) verklaar dat binne die sosiale wetenskappe die vertrekpunt van verkennende navorsing eksplorasie is en die navorser die eksploreerder. Stebbins (2001:30) konstateer dat verkenning gesien kan word as ‘n perspektief, ‘n oogpunt of ‘n persoonlike oriëntering as ‘n benadering om sosiale ondersoeke uit te voer.

Die navorsing is met twee stelle deelnemers gedoen. Die navorsingsproses sal gevolglik elke keer in twee stappe verduidelik word.

### 7.2.2 Deelnemers

STAP 1: SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE

As deel van stap 1 was die insluitingskriteria vir deelnemers soos volg:

1) Maatskaplike werkers moet:
    - geregistreerd wees by die South African Council for Social Service Professions (SACSSP) raad;
    - beskik oor addisionele opleiding ten opsigte van die forensiese ondersoekproses, byvoorbeeld die teoretiese en praktiese komponent van die meestersgraad in forensiese praktyk suksesvol voltooi het, of addisionele opleidingskursusse ten opsigte van die pre-forensiese evalueringsessie suksesvol voltooi het;
    - oor ‘n minimum van een jaar ondervinding in die forensiese veld beskik.
2) Beide mans en vrouens kon aan die studie deelneem.
3) Deelnemers is hoofsaaklik uit Gauteng verkry ter wille van toeganklikheid.

4) Privaat maatskaplike werkers en werkers by welsynsorganisasies wat aan bogendoemde vereistes voldoen is by die navorsing ingesluit.
5) Afrikaans- en Engelssprekende maatskaplike werkers is by die navorsing ingesluit.

Hierdie spesifieke insluitingskriteria veroorsaak dat die navorsingspopulasie baie klein is. Die grootte van die steekproef is bepaal deur die beskikbaarheid en toeganklikheid van die individue wat aan die insluitingskriteria voldoen het. Daar is van doelgerigte nie-waarskynlikheidsproefneming gebruik gemaak om die deelnemers vir die studie te kies. Strydom en Delport (2011:392) postuleer dat doelgerigte proefneming heeltemal op die navorser se oordeel gebaseer is. Deelnemers word gekies op grond van karaktereienskappe, of vaardighede wat die doel van die navorsing die beste sal dien. Deelnemers is genader om aan die navorsing deel te neem deur gebruik te maak van die sneeubalmetode totdat dataversadiging bereik is. In hierdie navorsing is dataversadiging bereik nadat agt onderhoude gevoer is. Guest, Bunce en Johnson (2006:78) stel voor dat ses onderhoude voldoende is vir hierdie tipe navorsing, omdat volgens hulle ses onderhoude voldoende is om betekenisvolle temas en bruikbare interpretasies te kan formuleer.

STAP 2: DOKUMENT ANALISE

As deel van stap 2 was die insluitingskriteria soos volg:

1) Kliënte lêers wat die pre-forensiese ondersoekproses insluit en handel oor kinders tussen die ouderdom van 3-6 jaar, waar sekuele misbruik vermoed is.
2) Gevalle waar die pre-forensiese evalueringsessie met die minderjarige kind gedoen is as deel van die volledige forensiese ondersoekproses.
3) Die kliënte lêer moet verkieslik die primêre bron wees. In hierdie studie is kliënte lêers vanuit die navorser se praktyk en gevallelading bestudeer.

Dataversadiging is bereik nadat die minimum van tien kliënte lêers geanaliseer is. Gevalle wat na die navorser se privaat praktyk verwys is deur welsynsorganisasies soos Kindersorg Roodepoort en NG Welsyn Krugersdorp asook privaat kliënte is ingesluit by die tien kliënte lêers wat vir die navorsing geanaliseer is.

### 7.2.3 Data-insamelingsmetodes

STAP 1: SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE

In stap 1 is die deelnemers se ondervinding en persepsies ten opsigte van die voordele wat die pre-forensiese evaluering inhou as deel van die forensiese ondersoekproses geëksploreer deur middel van ‘n een-tot-een semi-gestruktureerde onderhoud. Greeff (2011:351) verduidelik dat ‘n semi-gestruktureerde onderhoud plaasvind wanneer ‘n stel vooropgestelde vrae as riglyn vir die onderhoud gebruik word, maar steeds buigbaar en aanpasbaar bly. Daar is van ses oop vrae gebruik gemaak. Bylaag B bevat die semi-gestruktureerde onderhoudskedule.

Daar is verskeie voordele aan die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoude verbonde. Dit kan byvoorbeeld gebruik word om spesifieke inligting ten opsigte van die deelnemer se persepsie of ondervinding oor ‘n spesifieke onderwerp te verkry. Die metode verleen ‘n buigbaarheid aan sowel die navorser as die deelnemer. Die navorser kry geleentheid om interessante inligting wat na vore kom gedurende die onderhoud dadelik op te volg. Dit het tot gevolg dat die deelnemer die geleentheid gebied word om ‘n omvattende beskrywing of verduideliking te gee. Die deelnemer kan bepaal in watter rigting die onderhoud gaan. Die deelnemer het ook die geleentheid om temas na vore te bring waaraan die navorser moontlik nie gedink het nie (Greeff, 2011:351-352). Die nadele aan die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoude is dat dit baie lank kan duur en selfs emosioneel dreinerend kan wees.

STAP 2: DOKUMENT ANALISE

In stap 2 het die navorser dokument analise van lêers uit haar eie gevallelading gedoen. Volledige veldnotas is gedurende die pre-forensiese evalueringsessies gemaak. Die kliënte lêerinhoud bevat veldnotas, tekeninge vanuit die evalueringsessie en formele verslae. Die dokument analise het kliënte lêers van die pre-forensiese ondersoekproses van kinders tussen die ouderdom van 3-6 jaar waar sekuele misbruik vermoed is ingesluit. Die lêerinhoud is aan die hand van ‘n skedule geëksploreer en geanaliseer om die pre-forensiese evalueringsessie te illustreer. Die doel van hierdie tipe studie is om teorie uit te

brei ten opsigte van nuwe kennis, hoofsaaklik omdat die gevalle gebruik kan word om 'n spesifieke proses te ondersoek (Fouché & Schurink, 2011:321).

### 7.2.4 Data verwerking

STAP 1: SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE

In hierdie stap is data deur middel van een-tot-een semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel. Hierdie data is deur middel van bandopnames en veldnotas gepreserveer. Die bandopnames is direk na die onderhoude getranskribeer en die getranskribeerde teks is deur die veldnotas aangevul. Die getranskribeerde data en oorspronklike bandopnames word in die navorser se kantoor in 'n gesluite lêerkabinet gestoor.

Gedurende die data-verwerkingsproses het die navorser orde, struktuur en betekenis aan die ingesamelde rou data gebring (De Vos, 2002: 339). Die data-verwerkingsproses van kwalitatiewe data laat 'n mate van kreatiwiteit deur die navorser toe, en vind dikwels reeds gedurende die data-insamelingsproses plaas (Schurink, Fouché & De Vos, 2011:398).

Data wat deur middel van die semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel is, is geanaliseer deur van Creswell (2013: 182) se spiraal van data analise gebruik te maak. Hiermee saam is Marshall en Rossman (2006:156) se proses vir data analise gebruik. Creswell (2013:182) gee die volgende stappe vir die analisering van kwalitatiewe data, maar verduidelik ook dat kwalitatiewe data insameling en analisering nie onafhanklike stappe is nie en dikwels interaktief met mekaar is. Die stappe word soos volg uiteengesit:

- Organisering van die data na werkbare teks.
- Lees van data en maak van notas ("memo's").
- Beskrywing, klassifisering en data interpretering na kodes en temas.
- Interpretering van data.
- Visuele verteenwoordiging van data.

STAP 2: DOKUMENT ANALISE

Inhoud analise verwys na 'n sistematiese benadering tot die dokument en help om te bepaal hoeveel keer sekere elemente of temas in die dokument voorkom. Dit verwys dus

na die proses waartydens simboliese inhoud soos woorde of beelde vanuit onsistematiese kwalitatiewe vorm na ‘n sistematiese bruikbare vorm getransformeer word (Strydom & Delport, 2011:381). Met die tekstuele analise val die klem minder op die frekwensie van temas en meer op die interpretering van die moontlike betekenis daarvan (Strydom & Delport, 2011:381).

Die navorsingsdata bestaan uit tien kliënte lêers se lêerinhoud. Gevalle van kinders met wie ‘n pre-forensiese evaluering voltooi is, is ingesluit. Alle kliënt lêers word in ‘n lêerkabinet wat gesluit word gestoor.

Rapley (2008, soos in Greeff, 2011:381-382) stel die volgende praktiese stappe vir dokument analise voor:

- Formuleer navorsingsvraag.
- Hou rekord van jou aksies, observasies en denke deur van ‘n navorsingsdagboek gebruik te maak.
- Soek moontlike bronne van materiaal (byvoorbeeld: dokumente, video of bandopnames) en stel ‘n argief saam. Hierdie bronne kan reeds bestaande materiaal insluit of materiaal kan deur die navorser geskep word.
- Transkribeer teks sover en indien moontlik.
- Lees teks herhaaldelik krities en aandagtig deur.
- Kodering- aanvanklik moet die navorser so inklusief as moontlik wees. Later sal daar gebruik gemaak word van die konstante vergelykingsmetode en sodoende sal ‘n omvattende en sistematiese koderingskema ontwikkel. Die navorser sal die data in temas rangskik en onder die verskillende fases van die pre-forensiese evalueringsproses klassifiseer.
- Analiseer die data deur op die reëlmatigheid en veranderlikheid in die data te fokus. Verseker dat tentatiewe bevindinge deurlopend gevorm word.
- Bevestig kredietwaardigheid, geldigheid en betroubaarheid deur (a) gebruik te maak van ander metodes van gevalle analise, (b) deur bevindinge met vorige werk te vergelyk, en (c) bevindinge met ander te bespreek.
- Reflekteer op analise en rapporteer skriftelik daarop.

### 7.2.5 Vertrouenswaardigheid

| Standaard | Strategie | Kriteria |
|---|---|---|
| Waarheidsgetrouheid | Geloofwaardigheid | Die navorser het eers ‘n verhouding met die deelnemers opgebou.<br>Triangulasie van data van onderhoude en dokumentstudies is gedoen.<br>Die studieleiers het gekyk of die transkribering en temas en subtemas ooreenkom. |
| Toepaslikheid | Oordraagbaarheid | Metode van steekproefneming is duidelik omskryf.<br>Die aantal onderhoude en dokumentstudies was bepaal deur dataversadiging.<br>Die resultate is volledig beskryf. |
| Konsekwentheid | Vertroubaarheid | Etiese stappe was volledig uitgevoer.<br>Kodering en herkodering was met behulp van studieleiers gedoen. |
| Neutraliteit | Bevestigbaarheid | Triangulasie van die twee stelle deelnemers se resultate is gedoen .<br>Die inhoud word akkuraat gereflekteer. |

### 7.2.6 Etiese aspekte

Alle navorsing in maatskaplike werk bring etiese kwessies na vore, aangesien die navorser in direkte en selfs intieme kontak met die deelnemers kom. Deelnemers is menslike wesens wat bestudeer word en gevolglik is dit belangrik dat alle etiese kwessies voor en gedurende die navorsingsproses oorweeg word (Babbie, 2004:306; Strydom, 2011:113).

Tydens die uitvoering van hierdie navorsing is die deelnemers se reg tot ingeligte toestemming, privaatheid en vertoulikheid, vrywillige deelname en deeglike terugvoering gerespekteer (Strydom, 2011:116-122). Die volgende stappe is geneem om te verseker dat die etiese kwessies binne hierdie navorsingsprojek aangespreek is.

#### 7.2.6.1 Ingeligte deelname

Die navorser het te alle tye respek teenoor die deelnemers betoon. Respek beteken dat die potensiële deelnemers die geleentheid gebied word om te kan kies wat met hulle kan of gaan gebeur (Grinnell & Unrau, 2008:37). Om dit te verseker is voldoende inligting aangaande die navorsing skriftelik aan die potensiële deelnemers voorsien. Hierdie inligting sluit die volgende in: Die doelwit van die navorsing, die beoogde tydsduur van hul deelname, die prosedures wat gevolg sou word gedurende die navorsing, moontlike voordele aan die deelnemers, moontlike nadele en gevare waaraan die deelnemers blootgestel kon word, asook die kredietwaardigheid van die navorser (Royce, 2004:52-54). Die navorser is by die South African Council for Social Service Professions (SACSSP) as maatskaplike werker geregistreer (registrasie nommer: 10-24653) en is gebind tot die raad se etiese kode.

#### 7.2.6.2 Vrywillige deelname

Rubin en Babbie (2005:71) meld dat deelname aan ‘n navorsingsprojek te alle tye vrywillig moet wees en niemand mag geforseer word om aan ‘n studie deel te neem nie. Potensiële deelnemers is gevolglik genader en uitgenooi tot vrywillige deelname aan hierdie navorsingsprojek.

#### 7.2.6.3 Privaatheid en vertroulikheid

Die identiteit van deelnemers sal annomiem bly en ‘n vertroulikheidsooreenkoms is deur sowel die deelnemers as die navorser onderteken. Deelnemers het ook skriftelike toestemming gegee vir die maak van bandopnames gedurende onderhoude. Daar is egter ooreengekom om beperkings te plaas op wie toegang tot die persoonlike of identifiserende inligting van deelnemers sal hê. Hierdie beperking het hoofsaaklik betrekking op die kliënte lêerinhoud aangesien die kliënte wat by hierdie navorsing betrek is minderjarig is. Slegs die navorser het toegang tot die persoonlike of identifiserende inligting van sowel die volwasse deelnemers as die minderjarige kliënte se lêerinhoud. Persoonlike of identifiserende inligting van deelnemers word in die navorser se kantoor in ‘n gesluite lêerkabinet gebêre (Strydom 2011:119).

Om die privaatheid van die minderjarige kinders en ander individue wat by die kind betrokke is te beskerm word die name van al die betrokkennes verander of aangepas wanneer direkte aanhalings uit die lêers in die dokument analise gemaak word.

#### 7.2.6.4 Terugvoer

Na afloop van die navorsingprojek sal volledige skriftelike terugvoer aan alle deelnemers beskikbaar gestel word. Die bevindinge van hierdie navorsingprojek sal in artikel formaat vrygestel word en kopieë sal aan die deelnemers gestuur word.

Die etiese nommer van die Forensiese navorsingsprojek is: NWU 00027 09 A1

## 8. NAVORSING BEVINDINGE

In hierdie afdeling word die deelnemers se profiele, persepsies en belewenisse van die pre-forensiese evaluering bespreek en met die bevindinge vervat in die dokument analise en literatuur vergelyk.

As deel van stap 1 is semi-gestruktureerde onderhoude met professionele persone wat gespesialiseerde opleiding in die pre-forensiese evalueringstruktuur ontvang het gevoer. Agt geregistreerde maatskaplike werkers van wie sewe spesifiek ondervinding binne die forensiese praktyk het, het deelgeneem. Die ander maatskaplike werker werk hoofsaaklik

binne die terapeutiese konteks, maar maak gebruik van die pre-forensiese evalueringstruktuur wanneer seksuele misbruik vermoed word. Daarna verwys sy die gevalle na persone wat bevoegd is om ‘n volledige forensiese ondersoek te doen.

As deel van stap 2 is daar ‘n dokument analise van tien kliënte lêers uit die navorser se eie gevallelading gedoen. Hierdie kliënte wissel tussen die ouderdom van 3-6 jaar en ‘n pre-forensiese evaluering is met elkeen voltooi. Dit is gevalle van die navorser se praktyk verwys deur welsynsorganisasies soos Kindersorg Roodepoort en NG Welsyn Krugersdorp asook privaat kliënte waar die biologiese ouers skriftelik toestemming gegee het vir die pre-forensiese evaluering.

Die bevindings van hierdie navorsingsprojek word in die onderstaande temas en subtemas ingedeel. Aangesien die inligting rakende die redes vir die gebruik van pre-forensiese evaluering baie ooreenkom met die voordele van die pre-forensiese evaluering, is albei onder een tema beskryf.

Tabel 1: Temas en subtemas

| | | |
|---|---|---|
| **Tema 1** | | Die ondersoekproses |
| | **Subtema 1** | Die pre-forensiese evaluering |
| | **Subtema 2** | ‘n Blinde, geskiedenisvrye of oningeligte ondersoekproses |
| **Tema 2** | | Voordele vir die gebruik van pre-forensiese evaluering |
| | **Subtema 1** | Holistiese beeld ten opsigte van die kind se sosio- emosionele funksionering |
| | **Subtema 2** | Bevorder objektiwiteit en neutraliteit van die ondersoekproses |
| | **Subtema 3** | Voltooiing van bevoegdheidsevaluasie binne ‘n nie-bedreigende omgewing |
| | **Subtema 4** | Rapport bou |
| | **Subtema 5** | Verskaf riglyne vir forensiese ondersoekproses |

| | | |
|---|---|---|
| **Tema 3** | | Geen nadele aan die pre-forensiese evaluering nie |
| **Tema 4** | | Pre-forensiese evalueringstruktuur is voldoende siftingsinstrument |
| **Tema 5** | | Praktiese aanbevelings |
| | **Subtema 1** | Pre-forensiese evaluering opdeel in twee of meer sessies |
| | **Subtema 2** | Slegs deur opgeleide professionele persone geïmplementeer word |

### 8.1 TEMA 1: DIE ONDERSOEKPROSES

As gevolg van die erns en sensitiwiteit van die aantygings van seksuele misbruik, asook die moontlike wetlike implikasies, is die evaluering en ondersoek rakende aantygings van seksuele misbruik ‘n komplekse saak. In die geval waar aantygings van seksuele misbruik gemaak word kan verskeie benaderings in die ondersoek gekies word.

Tydens stap 1 van die data-insamelingsproses van die navorsing is die deelnemers se keuse van die ondersoekproses tydens die onderhoud met hulle geëksploreer. Die gekose ondersoekproses is ook tydens stap 2, tydens die dokument analise van tien kliënte lêers uit die navorser se gevallelading, ondersoek.

Die volgende subtemas het uit hierdie eksplorasie en ondersoek na vore gekom:

#### 8.1.1 SUBTEMA 1: DIE PRE-FORENSIESE EVALUERING

Uit die onderhoude met die deelnemers gedurende stap 1 van die data-insamelingsproses van die navorsing, bevestig al agt deelnemers dat hulle van die pre-forensiese evaluering gebruik maak as die beginpunt van die ondersoekproses wanneer beweerde seksuele misbruik van ‘n kind ondersoek word.

Een deelnemer het die volgende in die verband gesê: *“Dan doen ek eers, in die ou dae het ons dit ‘n kliniese assessering genoem, ons noem dit vandag ‘n pre-forensies, want hy is ‘n bietjie meer gestruktureerd met sekere fases”.*

Nog ‘n deelnemer het die volgende gesê: *“Dit kan gebeur dat ‘n kollega vir jou sê: ‘ek het ‘n pre-forensies gedoen, doen vir my asseblief ‘n forensiese ondersoek op dit. Ek werk nie so nie, ek wil self...so ek verkies eerder om self ‘n pre-forensiese ondersoek te doen...so ek doen nooit ‘n ondersoek voor ek nie my eie pre-forensies gedoen het nie.”*

‘n Ander deelnemer het die volgende te sê gehad: “*Ek is net opgelei in die pre-forensiese assessering, so dit is al wat ek doen, so ‘obviously’ die inligting wat ek kry in die pre-forensiese assessering stel my in staat om te weet of ek die kind moet verwys vir ‘n volledige forensiese assessering of terapie of wat ook al nodig sal wees vir daai spesifieke kind”.*

Soos reeds genoem is die term ‘pre-forensiese evaluering’ ‘n relatief nuwe term binne die forensiese veld. Hewitt (1999:149) verwys na die term ‘pre-screening’ en verduidelik dat dit die professionele persoon kan help om elke kind se unieke ontwikkelingspatroon te identifiseer. Die forensiese onderhoud kan gevolglik gestruktureer word op die basis van die kind se algemene kognitiewe, sosiale, emosionele, spraak- en taalontwikkeling, aandagspan en samewerkings vermoë. Wilson en Powell (2001:70) verwys na ‘n ‘pre-interview’ en meld dat die ‘pre-interview’ nuttig is omdat dit die evalueerder help om potensiële struikelblokke rakende kommunikasie te identifiseer. Dit bied die geleentheid om eers verskeie aspekte van die kind te eksploreer voor die aanvang van die formele forensiese onderhoud.

Volgens Goodyear-Brown (2011:145) moet die effektiewe assessering van seksuele misbruik van kinders met ‘n sielkundige assessering voor die aanvang van die formele forensiese ondersoek begin. Volgens Laraque, DeMattia en Low (2006:1142) moet ‘n kind eers geëvalueer word om te bepaal of dit moontlik sal wees om ‘n onderhoud met die kind te voer.

Die doel van die pre-forensiese evaluering is dus om omvattende begrip van die kind se emosionele, sosiale, gedrags- en ontwikkelingsfunksionering te vorm, asook die kind se belewenis van die verskillende sisteme en individue wat in sy lewe of leefwêreld betrokke is (Aucamp, 2012c: 21).

Die pre-forensiese evaluering is ‘n gestruktureerde proses wat uit sewe fases bestaan. Elke fase behels verskeie ouderdomstoepaslike evalueringstegnieke. Aucamp (2012d:1) gee die volgende uiteensetting van die fases:

FASE 1: INLEIDING

- Ontmoeting
- Eksplorasie van kind se persepsie ten opsigte van die evaluering
- Strukturering van sessie
- Neerlegging van reëls om die kontaminasie van inligting te voorkom
- Verduideliking van kind se regte tydens die sessie

FASE 2: BEVOEGDHEIDSEVALUASIE

- Toets kind se vermoë om tussen waarheid en leuen te kan onderskei
- Eksploreer kind se kennis ten opsigte van homself en sy omgewing
- Evalueer kind se vermoë om gebeurtenisse chronologies en deur middel van vry narratief oor te vertel

FASE 3: ONDERHOUD MET DIE BETROKKE KIND DEUR MIDDEL VAN BASISLYN VRAE

FASE 4: IMPLEMENTERING VAN ALGEMENE TEGNIEKE OM KIND SE FUNKSIONERING EN BELEWENISSE VAN SISTEME EN INDIVIDUE IN SY LEWE TE EKSPLOREER

Voorbeelde van die algemene tegnieke wat gebruik kan word in hierdie fase is soos volg:

- Die eko-gram, soos uiteengesit in Rempel, Neufeld en Kushner (2007:1) word deur die evalueerder met die hulp van die kind opgestel om al die sisteme binne die betrokke kind se leefwêreld te identifiseer. Daarna word al die sisteme binne die eko-gram deur middel van die basislyn vrae geëksploreer.

Gedurende fase 4 word daar ook algemene projektiewe tegnieke geïmplementeer om inligting wat uit fase 3 van die pre-forensiese struktuur verkry is verder te eksploreer. Tegnieke wat in hierdie fase geïmplementeer kan word is soos volg:

- Die menstekening soos onderskryf in literatuur deur Schoeman en Van Der Merwe (1996:72).
- Die kinetiese gesinstekening soos onderskryf in literatuur deur Merrell, Ervin en Grimpel-Peacock (2012:181).
- Drie wense tegniek (Winkley soos in American Academy of Child and Adolescent Psychiatry (AACAP), 1995:12)
- Onvoltooide sinne soos onderskryf deur (Blom, 2004:262; Thompson & Rudolph, 2000:168).

FASE 5: IMPLEMENTERING VAN TEGNIEKE OM DIE MOONTLIKHEID VAN MISHANDELING OF SEKSUELE MISBRUIK TE ONDERSOEK

Gedurende fase 5 word tegnieke om die moontlikheid van mishandeling of seksuele misbruik te eksploreer geïmplementeer. Gedurende hierdie fase van die pre-forensiese evaluering word inligting wat uit fase 3 van die pre-forensiese evalueringstruktuur verkry is verder geëksploreer. Voorbeelde van tegnieke wat in hierdie fase geïmplementeer kan word is soos volg:

- Die huis-en-gemeenskapsplan tegniek (Spies, 2006:218).
- Die liggaamsbuitelyn tegniek (Spies, 2006:224).

FASE 6: TEGNIEKE OM ONTWIKKELINGSVLAK TE EVALUEER

Fase 6 word deurlopend tydens fase 2 tot 5 geïmplementeer.

FASE 7: TERMINERING

As deel van stap 2 van die data-insamelingsproses van die navorsing is ‘n dokument analise van tien kliënte lêers uit die navorser se gevallelading voltooi.

Deur middel van die dokument analise van bogenoemde kliënte lêers is daar bevestig dat ‘n pre-forensiese evaluering met al tien betrokke kinders deur die navorser self voltooi is. Verder is daar pre-forensiese evalueringstrukture met die evalueerder se veldnotas in al tien kliënte se lêers gevind. Die veldnotas op die pre-forensiese evalueringstruktuur toon aan dat ‘n pre-forensiese evaluering as die eerste stap in die ondersoekproses voltooi is.

Die dokument analise toon dat die pre-forensiese evaluering met drie van die gevalle oor twee sessies voltooi is. Met sewe van die gevalle is die pre-forensiese evaluering in ‘n enkele sessie voltooi. Die veldnotas lewer bewys dat al sewe fases van die pre-forensiese evalueringstruktuur soos hierbo bespreek gedurende die evalueringsessie of –sessies met al tien die betrokke kinders voltooi is.

Hieruit blyk dit dat die ondersoekproses wat die navorser in haar praktyk volg ooreen stem met die navorsingsdeelnemers se gekose ondersoekproses, naamlik om altyd eers met ‘n pre-forensiese evaluering van die kind te begin.

Die pre-forensiese evalueringstruktuur soos voltooi met die betrokke kinders is aangeheg as bylaag D.

### 8.1.2 SUBTEMA 2: ‘N BLINDE, GESKIEDENISVRYE OF ONINGELIGTE ONDERSOEKPROSES

Vanuit die onderhoude uitgevoer in stap 1 van die data-insamelingsproses van die navorsing het die meerderheid van deelnemers genoem dat hulle verkies en aanbeveel dat ‘n blinde, geskiedenisvrye of oningeligte ondersoekproses gevolg moet word. Die verskillende benaderings wat tydens die ondersoekproses gevolg kan word is reeds vroëer bespreek (Aucamp, 2012a:5). Die benaderings word in kategorieë verdeel, soos byvoorbeeld: blind, oningeligte of ingeligte ondersoekproses (Aucamp, 2012a:5). Een deelnemer het die volgende in hierdie verband gesê: “*...ek is baie erg daaroor, dit moet blind gedoen word. Ek is baie erg oor die objektiwiteit en neutraliteit.”*

Nog ‘n deelnemer het gesê: “*Ek werk geskiedenisvry, so ek weet niks vooraf van die kind nie”.* Nog ‘n deelnemer het verklaar: “*...ek sal vir die ouers vra om nie vooraf vir my inligting te gee nie, want ek wil graag geskiedenisvry begin.”*

Die motivering vir die gebruik van die blinde, geskiedenisvrye of oningeligte ondersoekproses is om neutralitieit en objektiwiteit te bevorder. Hierdie ondersoekproses stel die forensiese ondersoeker in staat om alternatiewe hipoteses te vorm en te oorweeg, sonder dat sy deur vooropgestelde idees beïnvloed kan word. Hierdie metode stem ooreen met APSAC se riglyne waarin Canton *et al.,* aangehaal word: “*However, investigative interviews are intended to elict information from the child, not merely to confirm prior suspicion. In some jurisdictions it is standard practice that investigative interviews begin with the interviewers blind to the allegations”* (APSAC*,* 2002).

Die maatskaplike werker beskik gevolglik slegs oor inligting wat beperk is tot die betrokke kind se naam, geslag en ouderdom. Geen spesifieke inligting rakende die aantygings of die beweerde oortreder is aan die maatskaplike werker bekend voor die pre-forensiese evalueringsessie nie (Aucamp, 2012a:5). Deur ‘n geskiedenisvrye of oningeligte proses te volg verminder die maatskaplike werker die moontlikheid om uitlokkende of voorstellende vrae te vra en kan haar objektiwiteit nie beïnvloed word soos wanneer ‘n ingeligte proses gevolg word nie (APSAC soos in Cronch *et al*., 2006).

Uit die dokument analise is dit duidelik dat ‘n geskiedenisvrye of oningeligte proses in al tien gevalle gevolg is. Die volgende is ‘n aanhaling uit een van die Afrikaansprekende kliënte se lêers: *“Die betrokke maatskaplike werker volg ‘n oningeligte evalueringsproses, dus moet die leser van die verslag kennis neem dat ten tye van die aanvang van die forensiese ondersoekproses geen inligting aangaande die betrokke kind, die aantygings van seksuele misbruik of die beweerde oortreder aan die betrokke maatskaplike werker bekend was nie”, “Die motivering vir die geskiedenisvrye of oningeligte proses is om neutralitieit en objektiwiteit te bevorder. Dit stel dus die forensiese ondersoeker in staat om alternatiewe hipoteses te vorm en oorweeg, sonder dat sy beïnvloed kan word deur vooropgestelde idees.”* .

Die volgende aanhaling is uit ‘n Engelse verslag: *“It should be noted that at the time of the pre-forensic evaluation with the child involved, the undersigned social worker was aware that the purpose of the referral was to investigate allegations of sexual abuse. Yet to*

*promote objectivity no information pertaining to the details of the allegation, identity of the alleged offender and/or history of the family were known to the undersigned social worker prior to commencing with the initial forensic evaluation session."*

Die gevolgtrekking waartoe gekom is, is dat die navorser in haar praktyk met betrekking tot die tien kliënte lêers wat by die navorsing ingesluit is 'n oningeligte of geskiedenisvrye benadering gevolg het. Dit is duidelik dat die navorser se benadering ooreenstem met die benadering wat deur die deelnemers aanbeveel is.

Die gebruik van 'n geskiedenisvrye of oningeligte ondersoekproses word dus verkies en aanbeveel vir die bevordering van die evalueerder en die pre-forensiese ondersoekproses se objektiwiteit en kredietwaardigheid.

## 8.2 TEMA 2: VOORDELE VIR DIE GEBRUIK VAN PRE-FORENSIESE EVALUERING

Die pre-forensiese evalueringstruktuur is geformuleer met die doel om relevante breedvoerige inligting rakende die kind se sosio-emosionele sisteme en funksionering in te samel, terwyl die moontlikheid van seksuele misbruik geëksploreer word (Aucamp, 2012c:21). Gevolglik is die deelnemers se motivering vir die gebruik van die pre-forensiese evaluering tydens stap 1 van die data-insamelingsproses van die navorsing met die deelnemers geëksploreer. Die deelnemers se persepsies en belewenisse aangaande die voordele verbonde aan die gebruik van die pre-forensiese evaluering is ook geëksploreer. Hierdie voordele is ook tydens stap 2 deur middel van die dokument analise van tien van die navorser se kliënte lêers geëksploreer. Die volgende temas het na vore gekom:

### 8.2.1 SUBTEMA 1: HOLISTIESE BEELD TEN OPSIGTE VAN KIND SE SOSIO-EMOSIONELE FUNKSIONERING

Gedurende die onderhoud noem een deelnemer dat sy van die pre-forensiese evaluering gebruik maak want: *"Ek wil graag weet wie is in hierdie kind se lewe? Waar bly hierdie kind? Waar gaan sy skool? By wie kuier sy nog? So ek wil net 'n holistiese prentjie kry van*

*haar leefwêreld".* Volgens hierdie deelnemer help die pre-forensiese evaluering die evalueerder om vas te stel teenoor wie die betrokke kind negatiewe gevoelens of belewenisse het. Die negatiewe emosionele belewenis wat deur die betrokke kind geprojekteer word bevestig nie noodwendig dat die persoon of persone verantwoordelik is vir die seksuele misbruik van die kind nie, maar dit help die evalueerder om hipoteses rondom die individue te vorm.

Nog 'n deelnemer beweer dat: *"My eerste behoefte is om te weet waar staan ek sosio-emosioneel met die kind."* Die betrokke deelnemer meld dat die pre-forensiese evaluering haar in staat stel om eerstens inligting in te samel rakende die betrokke kind se verhoudings, funksionering by die skool en binne sy portuurgroep. Sy verkry ook inligting oor die kind se algehele sosio-emosionele funksionering op die spesifieke stadium, voordat sy die inligting rakende seksuele misbruik kan of wil eksploreer.

Deur 'n holistiese beeld van die betrokke kind se algehele sosio-emosionele funksionering te vorm kan moontlike alternatiewe oorsake vir sy gedrag of ongemak wat geobserveer is, geëksploreer word. Sodoende kan ander probleme of uitvalle moontlik by hom geïdentifiseer word. Een deelnemer noem die volgende in hierdie verband: *"...om na al die sisteme te kyk dink ek is belangrik om alles te toets om te kyk waar is daar ongemak by die kind, waar is daar probleme by die kind en ook om nie net te soek vir seksuele misbruik nie, maar om te kyk na enige probleme wat die kind het."*

Die sosio-emosionele inligting wat deur middel van die pre-forensiese evaluering ingesamel is, stel die evalueerder in staat om die verdere ondersoekproses volgens die unieke behoeftes van die kind aan te pas (Aucamp, 2012c:21; Du Plessis, 2012:1; Hewitt, 1999:214).

Die belangrikheid daarvan om die kind se kognitiewe ontwikkeling te evalueer kom ook tydens die onderhoude na vore. Die meerderheid van die deelnemers bevestig dat dit belangrik is om die kind se kognitiewe ontwikkeling te evalueer omdat die kind se vlak van ontwikkeling sy onthulling kan beïnvloed. Die evalueerder moet dus in staat wees om die forensiese inligting en die kind se onthulling vir die hof binne konteks van sy ontwikkelingsvlak te plaas en dit so in die finale verslag weer te gee.

Dit is ook belangrik om die kind se emosionele funksionering in ag te neem omdat dit 'n impak op die kind se onthulling kan hê. Die geleidelike onthulling van seksuele misbruik deur kinders word dikwels in die praktyk opgemerk en kinders benodig oor die algemeen meer as een onderhoud om 'n volledige, aktiewe onthulling te maak (Cordisco-Steele & Nelson-Gardell, 2008:574; Olafson & Lederman, 2006:35).

Die onderhoude met die agt deelnemers het getoon dat die meerderheid van mening is dat die pre-forensiese evaluering die evalueerder in staat stel om relevante inligting van die betrokke kind se belewenisse en persepsies van die verskillende sisteme in sy lewe in te samel. Een deelnemer verduidelik dat die inligting wat gedurende die pre-forensiese evaluering ingesamel word die evalueerder in staat stel om sekere aspekte in konteks te kan plaas. So kan sy byvoorbeeld bepaal of die kind enige onvervulde emosionele behoeftes het en of daar moontlike emosionele kwessies is wat hom kwesbaar of vatbaar vir seksuele misbruik kan maak. Hierdie deelnemer meld die volgende in die verband: *"…byvoorbeeld hierdie is 'n kind met emosioneel onvervulde behoeftes en nou het die oortreder gekom en in sy emosionele behoeftes voorsien en dit het hom vatbaar gemaak vir die misbruik…"*

Inligting wat uit stap 2 van die data-insamelingsproses ten opsigte van die navorsing bekom is, dit wil sê uit die dokument analise van tien van die navorser se kliënte lêers, ondersteun bogenoemde inligting wat uit die onderhoude bekom is. Die eksplorasie van die verskillende sisteme en individue in die betrokke kind se lewe word duidelik geïllustreer in die pre-forensiese evalueringstruktuur. Hierdie eksplorasie vind veral plaas in fase 3 van die pre-forensiese evalueringstruktuur wat die onderhoudfase met die betrokke kind insluit.

Die pre-forensiese evalueringsonderhoud bestaan uit gestandaardiseerde basislyn vrae. Gedurende hierdie fase van die pre-forensiese evaluering word elke sisteem en individu in die kind se leefwêreld op dieselfde wyse geëksploreer, deur standaard eksplorerende vrae te vra. Bylaag D bied voorbeelde van die standaard eksplorerende basislyn vrae.

Inligting wat deur middel van bogenoemde eksplorasietegnieke ingesamel is, word in al die verslae weergegee. Die volgende aanhaling uit 'n verslag dien as voorbeeld: *"Vanuit die evalueringsinligting blyk dit asof die betrokke kind 'n oorwegend positiewe emosionele belewenis van sy biologiese moeder het, in sover dat die betrokke kind deurgee dat sy*

*hartjie "bly altyd bly" voel as hy by sy biologiese moeder is. Dis ook die betrokke kind se persepsie dat sy biologiese moeder se hartjie "altyd bly" voel as hy by haar is, in sover dat die betrokke kind die volgende deurgee "sy is altyd bly om my te sien"."*

Uit die dokument analise dien die volgende aanhaling uit 'n verslag ook as voorbeeld van bogenoemde: *"Gedurende die forensiese evaluasie met die betrokke kind, sukkel die betrokke kind om spesifieke insidente van die beweerde seksuele misbruik te beskryf, gebaseer op die betrokke kind se kognitiewe ontwikkeling en ouderdomsvlak is dit nie ongewoon nie. 'n Moontlike verduideliking is dat die betrokke kind kognitief nie in staat is om die beweerde seksuele misbruik te interpreteer nie en dus nie in staat is om dit te kan weergee nie. Hewitt (1999:27) verduidelik dat jong kinders geneig is om verwarrende inligting deur te gee wat nie sin maak nie, moontlik as gevolg van hulle eenvoudige kognitiewe status en beperkte taal ondervinding. Tog beteken dit nie dat die kind se verklarings nie geldig is nie (Hewitt, 1999:27)."*

In die dokument analise is daar ook veldnotas in al tien kliënte lêers gevind rakende die betrokke kinders se emosionele ontwikkeling en funksionering. Die volgende voorbeelde van veldnotas soos gemaak gedurende die pre-forensiese evaluering word uit verskeie lêers aangehaal:

"*Kommer oor leuens en hou by storie"*

*"Selfbeeld: Kommer oor negatiewe selfspraak – "ek kan nie", "ek kan nie teken nie", "ek sukkel om blomme te teken", "ek gaan sukkel", "ek sukkel"."*

*"Emosionele behoefte aan erkenning: Vra herhaaldelik "lyk dit mooi?"*

*"Vee herhaaldelik prentjie uit en verbaliseer "lyk nie mooi nie"."*

*"Goed ontwikkelde selfbeeld: Toon waagmoed, gesels gemaklik en spontaan"*

*"Ongemak: kyk af, vou arms, wil badkamer toe gaan...word herhaaldelik opgemerk wanneer 'pappa' bespreek word."*

Gevolglik blyk dit dat die deelnemers se belewenis van die pre-forensiese evalueringstruktuur, wat die evalueerder in staat stel om 'n holistiese beeld van die betrokke kind se ontwikkeling en emosionele funksionering te vorm ook in die inligting wat in kliënte lêers ingesluit was gevind is.

Uit bogenoemde word dit duidelik dat die pre-forensiese evalueringstruktuur voldoende is om die kind op alle vlakke van funksionering volledig en breedvoerig te kan evalueer.

### 8.2.2 SUBTEMA 2: BEVORDER OBJEKTIWITEIT EN NEUTRALITEIT VAN DIE ONDERSOEKPROSES

Uit die onderhoude met die deelnemers, as deel van stap 1 van die data-insamelingsproses van die navorsing, noem die helfte van die deelnemers dat hulle van mening is dat die gebruikmaking van die pre-forensiese evalueringstruktuur bydra tot die objektiwiteit en neutraliteit van die ondersoekproses. Dit is veral omdat al die sisteme en individue wat in die kind se leefwêreld betrokke is op dieselfde wyse en tyd geëksploreer word (Aucamp, 2012c:21).

Een deelnemer meld dat die gebruik van ‘n verskeidenheid ouderdomstoepaslike eksplorerende tegnieke in fase 4 en 5 van die pre-forensiese evalueringstruktuur die inligting wat uit fase 3 van die pre-forensiese evalueringstruktuur (onderhoud fase) verkry is, bevestig of teengestaan kan word. Sy konstateer die volgende “*…en om met sekere tegnieke agter te kom of daar iets is wat die kind heeltyd herhaal of ‘n persoon of goed wat uitkom…”*

‘n Ander deelnemer noem die volgende rakende objektiwiteit: *“Enige emosionele probleme, huwelikskonflik, want alles het op die ou end ‘n invloed op die kind se gedrag en emosionele toestand so ja, dis hoekom mens alles ‘screen’ en ook dan om objektief te wees en om seker te maak jy kyk na al die goed en jy fokus nie net op een spesifieke persoon nie.”*

Bogenoemde bevindinge vanuit stap 1 van die data-insamelingsproses van die navorsing word ook in stap 2 van die data-insamelingsproses van die navorsing gevind. Uit die dokument analise kom die volgende spesifieke voorbeeld na vore: Deur middel van die pre-forensiese evalueringsonderhoud word met behulp van basislyn vrae inligting van ‘n driejarige dogtertjie ingesamel. Sy en haar susters bly in die middae na skool tussen 17:00 en 20:00 by een van die kleuterskool se onderwyseresse totdat hulle biologiese moeder van die werk af kom. Die betrokke kind identifiseer ook vir Oom X wat by die onderwyseres woonagtig is.

Hierdie inligting is verder gedurende die vyfde fase van die pre-forensiese evalueringstruktuur geëksploreer en sluit tegnieke in wat die moontlikheid van mishandeling of seksuele misbruik ondersoek. Uit die dokument analise word die volgende in hierdie verband aangehaal: "*Gedurende die opvolg pre-forensiese evalueringsessie word 'n aangepaste weergawe van die huis-en-gemeenskapsplan tegniek soos gespesifiseer in literatuur deur Spies (2006:218) geïmplementeer."*

*"Gedurende die implementering van die huis-en-gemeenskapsplan tegniek versoek die betrokke kind spontaan dat die betrokke maatskaplike werker vir "Oom X" ook 'n huis moet teken. Die betrokke maatskaplike werker teken 'n huis vir "Oom X" en eksploreer sy woning op dieselfde wyse as die ander sisteme.*

*Tydens die eksplorasies van Mnr X se 'woning' plak die betrokke kind 'n emosionele gesiggie wat huil by sy 'woning' en identifiseer die emosie as "huil huil". Met verdere eksplorasie gee die betrokke kind deur dat sy "huil" as sy by "Oom X" is. Met verdere eksplorasie gee die betrokke kind herhaaldelik die volgende deur: "Oom X is stout", "my magie voel nie lekker nie".*

*Tydens die verdere eksplorasie van Mnr X word daar gedrag aanduidend van ongemak by die betrokke kind geobserveer."*

Nog 'n voorbeeld vanuit die dokument analise is dié van 'n sesjarige dogtertjie wat tydens fase 3 van die pre-forensiese evalueringsonderhoud of basislyn vrae inligting verskaf dat haar biologiese ouers nie meer saam woon nie en dat haar biologiese vader nou by "*Tannie Y"* woon. Die pre-forensiese evalueringstruktuur maak dit dus moontlik dat 'Tannie Y' volledig en op dieselfde wyse as die ander individue geëksploreer word. Die betrokke kind verskaf ook inligting dat dit haar ongelukkig laat voel. Verder toon die dokument analise dat hierdie inligting ondersteun word tydens die implementering van die algemene eksplorasietegnieke soos in fase 4 van die pre-forensiese evalueringstruktuur uiteengesit.

Tydens die implementering van tegnieke om die moontlikheid van 'n bedreiging in die kind se lewe te eksploreer, toon die betrokke kind vir 'Tannie Y' as 'n moontlike bedreiging aan en verbaliseer met verder eksplorasie: *"Sy vat Pappa van Mamma af weg."*

Soortgelyke ondersteunende inligting word ook in die ander kliënte lêers gevind. Hieruit blyk dit dat die inligting wat uit dokument analise verkry is ooreenstem met die deelnemers se belewenis dat die pre-forensiese evaluering bydra tot die bevordering van objektiwiteit en neutraliteit. Dit is so omdat alle sisteme op dieselfde wyse geëksploreer word en daar verskeie tegnieke geïmplementeer word om projeksies en temas te toets.

Omdat die evalueerder 'n oningeligte proses volg, kan slegs die individue wat die kind tydens die evaluering bekend stel geëksploreer word. Hierdie individu word dan op presies dieselfde wyse volgens die pre-forensiese evalueringstruktuur geëksploreer wat dan dus bydrae tot die bevordering van neutraliteit en objektiwiteit.

### 8.2.3 SUBTEMA 3: VOLTOOIING VAN BEVOEGDHEIDSEVALUASIE BINNE 'N NIE-BEDREIGENDE OMGEWING

Gedurende die onderhoude met die deelnemers, as deel van stap 1 van die data-insamelingsproses van die navorsing, meld die helfte van die deelnemers dat hulle van mening is dat die pre-forensiese evaluering die geleentheid bied om binne 'n nie-bedreigende omgewing 'n volledige bevoegdheidsevaluasie van die kind te kan voltooi.

Hierdie deelnemers bevestig dat die pre-forensiese evaluering die kind op sy gemak stel, omdat die struktuur nie bedreigend is nie. Die deelnemers is ook van mening dat die kognitiewe ontwikkelings evalueringstegnieke as ysbrekers kan dien om die kind op sy gemak te laat voel.

Een deelnemer is selfs van mening dat die pre-forensiese evaluering in totaal as 'n bevoegdheidsevaluasie van die kind kan dien.

Die bevoegdheidsevaluasie van die kind is 'n vereiste van die ondersoekproses wanneer aantygings van seksuele misbruik ondersoek word. Clark (2009:70) meld dat die bevoegdheid van 'n kind om as 'n bevoegde getuie in seksuele misbruik sake te kan optree, dikwels 'n vraag is wat geëvalueer moet word wanneer die aantygings van seksuele misbruik ondersoek word. Die maatskaplike werker wat vir die ondersoek verantwoordelik is kan dus versoek word om 'n ingeligte mening van die betrokke kind se vermoëns te gee. Hierdie ingeligte mening is gebaseer op die betrokke kind se ouderdom en kognitiewe ontwikkelingsvlak om as bevoegde en betroubare getuie te kan optree met

betrekking tot spesifieke gebeure wat beweerdelik in die verlede plaasgevind het (Clark, 2009:70).

Die bevoegdheidsevaluering behels die bepaling van die betrokke kind se vermoë om deur middel van vry narratief, gebeure akkuraat weer te gee. Die bepaling van die betrokke kind se kennis en bewustheid van sy leefwêreld, asook die betrokke kind se vermoë om tussen waarheid en leuen te onderskei is hier ter sprake (Faller, 2007:70).

Die belangrikheid van die bevoegdheidsevaluasie word in die NICHD onderhoud protokol "*National Institute of Child Health and Human Development*" uit gelig (Poole & Lamb, 1999:98).

Die NICHD onderhoud protokol is op 'n gefaseerde onderhoud of ondersoekproses gebaseer en stipuleer dat tydens die inleidingsfase van die ondersoekproses die betrokke kind se bevoegdheid geëvalueer moet word deur te bepaal of die betrokke kind tussen waarheid en leuen kan onderskei. Die kind se insig met betrekking tot die morele implikasies van 'n leuen word ook getoets. Daarna word met die betrokke kind ooreengekom dat die evaluering slegs op die waarheid gebaseer sal wees.

Die betrokke kind se bevoegdheid in terme van die herroeping van vorige gebeure en sy vermoë om dit deur middel van vrye narratiewe weer te gee, word ook geëvalueer. Laasgenoemde word die oefening van episodiese geheue genoem. Dit geskied deur gebruik te maak van 'n neutrale insident en die betrokke kind kry die geleentheid om dit narratief en in volgorde weer te gee (Poole & Lamb, 1999:98).

Uit stap 2 van die data-insamelingsproses toon al tien kliënte lêers, die voltooide pre-forensiese struktuur, die veldnotas en die verslae dat die bevoegdheidsevaluasie gedurende die inleidingsfase van die pre-forensiese evaluering voltooi is. Dit blyk dus ook dat die bevoegdheidsevaluasie as 'n noodsaaklike komponent van die ondersoekproses dien. Die doel van die bevoegdheidsevaluasie word in al tien kliënte lêers aangespreek. In 'n Engelse verslag word dit soos volg deurgegee: *"The competency evaluation of the minor child, involves evaluating the child's ability to report events accurately by means of free narrative as well as the child's ability to distinguish between truth and lie (NICHD interview protocol, Lamb et al., 2008:284). The child's competency in the reporting of*

*events involves her ability to observe her environment, recall information and relay such information accurately by means of verbal free narrative (Faller 2007:70)."*

In een van die Afrikaanse verslae word dit soos volg beskryf: "*As deel van die inleidingsfase word 'n bevoegdheidsevaluasie met die betrokke kind gedoen. Die evaluasie sluit in om die kind se vermoë om te kan onderskei tussen waarheid en leuen te evalueer. Die betrokke kind se insig in die morele implikasies van 'n leuen is getoets en daarna is ooreengekom met die kind dat die evaluering gebaseer sal wees op die waarheid.*

*Deel van die gefaseerde ondersoekproses was om die kind se bevoegdheid te evalueer in terme van die kind se vermoë om spesifieke gebeure te identifiseer, te herroep en deur te gee deur middel van vry narratief. Laasgenoemde word die oefening van episodiese geheue genoem. Dit geskied deur gebruik te maak van 'n neutrale insident en die betrokke kind kry die geleentheid om dit narratief en in volgorde weer te gee. Soos omskryf deur die NICHD protokol met betrekking tot die forensiese onderhoud: "The NICHD interview protocol is designed to give children practice providing detailed accounts of experienced events before interviewers ask them about the issues under investigation" (Poole & Lamb, 1999:98)."*

Dokument analise beklemtoon ook die belangrik van die bevoegdheidsevaluasie aangesien dit sal bepaal of die betrokke kind as bevoegde getuie in die hof sal kan optree of nie. 'n Voorbeeld hiervan word uit een van die kliënte lêers aangehaal: "*Gebaseer op die betrokke kind se kognitiewe ontwikkelingsvlak en jong ouderdom is die betrokke maatskaplike werker van mening dat die betrokke kind nie in staat sal wees om as bevoegde getuie op te tree nie. Tog word dit aanbeveel dat die inligting, soos deur gegee deur die betrokke kind, gedurende die evaluering as geldig beskou word en binne konteks van die minderjarige oogetuies se weergawes aanskou moet word."*

Die eksplorasie van die deelnemers se belewenis en die dokument analise bevestig dat die samestelling van die pre-forensiese evalueringstruktuur van so 'n aard is dat die betrokke kinders die sessie as nie-bedreigend beleef. Sodoende kry die evalueerder geleentheid om die bevoegdheidsevaluasie te voltooi.

### 8.2.4 SUBTEMA 4: RAPPORT BOU

Die pre-forensiese evalueringsessie bied ook die geleentheid om rapport met die kind te bou. 'Rapport' is 'n harmonieuse konneksie tussen twee individue of ooreenstemming met 'n ander sisteem (Collins *et al.*, 2002:71). Rapport skep dus harmonie tydens die pre-forensiese evaluering en 'n vrylike bespreking wat die kind se samewerking bevorder vind plaas (Collins *et al.*, 2002:71).

Uit stap 1 van die data-insamelingsproses van die navorsing is die volgende inligting deur middel van onderhoudvoering met die agt deelnemers ingesamel:

Rapport kan ook met die kind gebou word deur hom by fisiese aktiwiteite soos balspeel of legkaartbou te betrek. Een deelnemer noem die volgende in hierdie verband: *"Ek hou nogal daarvan om baie vertroue met hulle te wen en speletjies te speel. Dis hoekom ek vat gewoonlik nogal bietjie langer, want dit is vir my belangrik omdat ek met die bietjie kleiner outjies werk, om bietjie vertroue te wen. So ons speel nogal verkriklik baie en dan sal ek begin met die pre-forensiese tegnieke."*

Daar is bevind dat fase 6, wat die kognitiewe komponet van die ontwikkelingsevaluasie van die pre-forensiese evalueringstruktuur is ook deel van die bevoegdheidsevaluasie kan uitmaak. Hierdie spesifieke evalueringsfase help ook met die ontlading van spanning en om rapport met die kind te bou. Een van die deelnemers verwoord haar ervaring as volg: *"...ek doen dit en ek gebruik dit ook as ysbreker, want dis lekker goed om te doen. Ons doen die kleure, ons speel 'n game. Doen dit so dat eintlik deur die ontwikkelingsvlak te bepaal is ek eintlik besig om rapport op te bou."*

Uit die onderhoude wat tydens stap 1 van die data-insamelingsproses van die navorsing met deelnemers gevoer is, het ses van hulle bevestig dat die geleentheid om rapport met die kind te bou 'n voordeel van die pre-forensiese evaluering is. Een deelnemer het die volgende gesê: *"Die voordele…nommer een dink ek dat die kind jou leer ken, want meeste van die tyd is jy 'n vreemde persoon…So met ander woorde om rapport met die kind te bou."* Nog 'n deelnemers het getuig: *"Ek dink dis 'n lekker manier om die kind te leer ken."*

'n Ander deelnemer het haar ervaring soos volg beskryf: "*Soos ek sê dit stel jou in staat om 'n holistiese beeld van die kind en sy belewenis van sy wêreld te kan vorm so dit fokus nie net op die aantygings van misbruik nie. Jy kyk na die kind se hele lewe en sy*

*emosionele belewenis van dit wat wel in sy lewe gebeur. Dit gee vir jou as assesseerder die geleentheid om rapport met die kind daar te stel, wat baie belangrik is."*

Wilson en Powell (2001:70) konstateer die volgende: "If your initial interactions with a child suggest that there are numerous potential barriers to communication, it may be fruitful to spend more time getting to know her before you conduct the main interview. This is where the pre-interview can be particularly important as it will allow you to explore."

Uit stap 2 van die data-insamelingsproses van die navorsing, naamlik die dokument analise van tien van die navorser se kliënte lêers, word die pre-forensiese evalueringstruktuur en veldnotas geanaliseer. Uit die struktuur en veldnotas is dit duidelik dat daar gedurende die pre-forensiese evalueringsessie deurlopend geleentheid gebied is om rapport met die betrokke kind te bou. Dit is hoofsaaklik deur middel van die kognitiewe ontwikkelings evalueringstegnieke gedoen. (Sien bylaag D).

Uit die veldnotas wat gedurende die pre-forensiese evaluering met al tien kliënte gemaak is, is neutrale temas ten opsigte van wat met die betrokke kind bespreek is genoteer. Verder is die fisiese aktiwiteite wat tydens die evalueringsessie met die kind gedoen is, soos byvoorbeeld: balspeel, legkaartbou en teken ook in die veldnotas genoteer.

Dit is noodsaaklik vir die evalueerder om 'n rapport met die kind te hê. Rapport word gevorm deur neutrale temas te bespreek wat weer sal bydra tot vrye kommunikasie wanneer relevante inligting rakende moontlike misbruik bespreek word.

Die pre-forensiese evaluering is dus ook voordelig omdat die geleentheid geskep word om rapport te bou nog voordat die substansiële inligting van moontlike seksuele misbruik geëksploreer moet word.

### 8.2.5 SUBTEMA 5: VERSKAF RIGLYNE VIR FORENSIESE ONDERSOEKPROSES

Inligting rakende die kind se sosio-emosionele funksionering, gekombineer met die kind se geskiedenisinligting dien as omvattende agtergrondsinligting waarop die verdere ondersoekproses baseer kan word (Aucamp, 2012c:21; Du Plessis, 2012:1; Hewitt, 1999:214).

Uit die inligting wat tydens stap 1 van die data-insamelingsproses van die navorsing ingesamel is, is onderhoude met agt deelnemers gevoer. Al agt deelnemers het bevestig dat die pre-forensiese evaluering voordelig is veral aangesien bogenoemde sosio-emosionele en agtergrondsinligting deur die pre-forensiese evaluering se gestruktureerde proses ingesamel kan word.

Die deelnemers is van mening dat die omvattende inligting rakende die verskillende sisteme en individue wat in die kind se wêreld betrokke is die evalueerder sal help om te besluit watter kollaterale bronne by die ondersoekproses ingesluit moet word. Een deelnemer het as volg hierop gereageer: *"...ja dit sê vir my wie my kollaterale bronne gaan wees, verseker."*

Nog 'n deelnemer het die volgende bewering gemaak: *"...dit gee vir my 'n prentjie van kommer areas, goed wat ek weet ek gaan op moet fokus."*

Die navorser het bevind dat al agt deelnemers oortuig is dat die inligting wat gedurende die pre-forensiese evaluering ingesamel word die evalueerder help om die verdere forensiese ondersoekproses te beplan. Een deelnemer het dit as volg bevestig: *"...in die pre-forensies gaan jy ook bepaal of jy forensiese onderhoude doen of 'extended' forensiese proses met die kind gaan volg".* Nog 'n ander deelnemer het gesê: "*...en dit gaan vir jou leiding gee, dit gaan vir jou 'guide' in jou forensiese ondersoek, dit gaan vir jou help om te fokus. Jy gaan weet waarop om te fokus en waarvoor om te kyk."* In die woorde van 'n ander deelnemer is hierdie inligting: *"...'n gids vir jou om besluite te neem ten opsigte van die pad vorentoe..."*

Tydens stap 2 van die data-insamelingsproses van die navorsing, naamlik die dokument analise van tien van die navorser se kliënte lêers is dit duidelik dat die inligting wat uit die pre-forensiese evaluering verkry is as motivering vir die verdere forensiese ondersoek dien en die proses verder kan lei. Met betrekking tot bostaande inligting word die volgende aanhalings uit die dokument analise gegee:

*"Die betrokke kind meld met die aanvang van die pre- forensiese evaluering dat die rede vir haar besoek aan die betrokke maatskaplike werker is: "my pa raak aan my verkeerde plek".*

*Na afloop van die inleidingsfase en bevoegdheidsevaluasie word die bogenoemde verklaring soos gemaak deur die betrokke kind verder geëksploreer deur gebruik te maak van die gestruktureerde forensiese onderhoud.*

*Bogenoemde inligting dien as motivering vir die oorgang na die forensiese onderhoud."*

Die volgende word ook uit een van die kliënte se lêers aangehaal: *"In die lig van die bogenoemde inligting is die betrokke maatskaplike werker wetlik verplig om die vermoedens van seksuele misbruik aan te meld. Aangesien daar geen onthulling deur die betrokke kinders gemaak is nie, en die aard van die beweerde seksuele misbruik gevolglik nie bekend gemaak is nie en 'n beweerde oortreder nie geïdentifiseer is nie, kan daar nie op hierdie stadium 'n kriminele saak geopen word nie. Die saak is wel verwys na die NG Welsyn Krugersdorp kantoor en die volgende aanbevelings is gemaak:*

- *Dat 'n volledige kollaterale ondersoek ten opsigte van die moontlikheid van seksuele misbruik voltooi word.*
- *Dat inligting ingesamel vanuit die kollaterale ondersoek opgevolg word met die betrokke kinders deur middel van 'n forensiese onderhoud."*

Inligting wat verkry is uit die dokument analise stem ooreen met die deelnemers se belewenis dat inligting uit die pre-forensiese evaluering vir die evalueerder riglyne gee ten opsigte van die verdere ondersoekproses wat gevolg moet word. Sodoende word die ondersoekproses bespoedig en lewer die pre-forensiese evaluering 'n positiewe bydrae tot hierdie proses.

### 8.3 TEMA 3: GEEN NADELE AAN DIE PRE-FORENSIESE EVALUERING NIE

Nadat die deelnemers se mening en belewenisse ten opsigte van die voordele van die pre-forensiese evaluering, gedurende stap 1 van die data-insamelingsproses, geëksploreer is, het die navorser dit goed gedink om ook die deelnemers se mening en belewenis ten opsigte van moontlike nadele aan die gebruik van die pre-forensiese evaluering te eksploreer.

Uit hierdie eksplorasie met die agt deelnemers is gevind dat ses uit die agt deelnemers geen nadele in die pre-forensiese evalueringsproses ervaar het nie. Een deelnemer het

haar belewenis as volg verwoord: "*...ek kan nie aan enige iets dink wat nadelig is nie, jy gee die kind die geleentheid om jou te leer ken en om jou vertroue te kry en as daar enige iets is om vir jou te kan vertel. Dis nie so formeel nie, die kind voel hy kan net gesels en met jou praat. Ek dink nie daar is enige nadele nie."*

Nog 'n deelnemer het die volgende gesê toe sy gevra is of sy dink daar is enige nadele aan die gebruik van die pre-forensiese evaluering: *"...ek het nog nooit 'n saak gehad waar ek benadeel is, omdat ek die pre-forensiese assessering gedoen het nie. Ek het nog nooit 'n nadeel gehad nie...ek het nog nooit 'n nadeel gesien nie."*

Een van die ander deelnemers meld dat sy van mening is dat die enigste nadeel rakende die pre-forensiese evaluering is dat dit nie genoeg gebruik word nie en het gesê: *"...ek dink 'n mens is altyd geneig om dit te gebruik as motivering, omdat jy dink daar is iets fout. Wat ek nou probeer verduidelik is nie regtig n nadeel nie ek dink net ons gebruik dit te min..."*

Hierdie deelnemer is dus oortuig dat dit voordelig sal wees indien alle kinders pre-forensies geëvalueer moet word, ongeag die redes vir aanmelding by welsynsorganisasies. Die feit dat dit so 'n omvattende model is gee vir die maatskaplike werker die geleentheid om binne 'n enkele sessie waardevolle en breedvoerige inligting rakende die kind en kommer areas te bekom. Sy gee die volgende verklaring: *"...ek voel regtig as jy 'n kind in die sisteem het, dan moet jy met elke liewe kind so 'n tipe assessering doen. Al is dit bloot om vir jou te sê wat is jou volgende stap met hierdie kind, want selfs al is hy nie misbruik nie, hy is dalk vir een of ander rede verwyder daar is maar nog steeds trauma. So ek sal sê die nadeel is dit word half vir my gekoppel net aan as daar iets sleg met die kind gebeur het en ek voel dis vir my 'n positiewe 'tool' om te gebruik in enige kind wat sorgbehoewend dan nou is."*

Een van die ander deelnemers gee nie enige nadele ten opsigte van die pre-forensiese evalueringsessie of struktuur self nie, maar noem wel dat dit haar ondervinding is dat die ouers van die kinders nie altyd geduldig is met die hele ondersoekproses nie. Die deelnemer voel dat alhoewel die pre-forensiese evalueringsessie nodig is dit moontlik die proses verleng en gevolglik het dit veral in 'n privaat praktyk 'n finansiële impak op die ouers.

Tien kliënte lêers uit die navorser se gevallelading is ingesluit by die tweede stap van die data-insamelingsproses tydens die navorsing. Uit die dokument analise is teenstrydige inligting in bostaande deelnemer se belewenis gevind naamlik dat die pre-forensiese evalueringsessie die ondersoekproses verleng. Uit die tien kliënte lêers wat by die ondersoek ingesluit is, is daar bevind dat die volledige pre-forensiese ondersoekproses in sewe gevalle slegs uit een sessie bestaan het en die ander drie gevalle uit twee sessies. Hierdie waarneming toon aan dat die inligting wat uit die pre-forensiese evalueringsessies verkry is in hierdie gevalle voldoende was en daar net in enkele gevalle 'n opvolg forensiese onderhoud gereël is om die inhoud van die betrokke kinders se onthullings te verhelder en te bevestig.

Bogenoemde word soos volg uit een van die kliënte lêers aangehaal: *"The undersigned social worker had two contact sessions with the child involved. A pre-forensic evaluation session was conducted on 15 August 2013, the session lasted 120 minutes (2 hours) and a follow-up forensic interview was conducted on 2 September 2013 in order to clarify certain aspects of his disclosure. The session lasted approximately 40 minutes."*

Die volgende word ook uit die dokument analise aangehaal: *"Die hoeveelheid forensiese onderhoude word bepaal deur faktore wat verband hou met die betrokke kind se situasie."*

Die gebruik van 'n beperkte hoeveelheid onderhoude word in die literatuur ondersteun en daar word gemeld dat die meeste forensiese ondersoeke rakende enige vorm van mishandeling slegs uit een onderhoud met die kind bestaan en dat meer as een onderhoud alleenlik noodsaaklik is wanneer die aanvanklike onderhoud nie tot 'n gevolgtrekking lei nie ('inconclusive') (Faller, 2007:53).

Faller (2007:53) verwys hier slegs na die forensiese onderhoud waar daar 'n ingeligte proses gevolg is om inligting rakende die misbruik te bekom. Daar kan dus met reg gesê word dat die pre-forensiese evaluering bydra tot die kredietwaardigheid van die ondersoekproses omdat 'n oningeligte proses gevolg word en breedvoerige inligting uit die pre-forensiese evaluering ingesamel word. Uit die dokument analise blyk dit ook dat die pre-forensiese evalueringstruktuur aan die betrokke kinders die geleentheid bied om binne 'n nie-bedreigende omgewing 'n aktiewe onthulling te maak en dat enkele opvolgsessies slegs nodig is om sekere aspekte van die onthullings te verhelder.

## 8.4 TEMA 4: PRE-FORENSIESE EVALUERINGSTRUKTUUR IS 'N VOLDOENDE SIFTINGSINSTRUMENT

Die deelnemers se ondervinding ten opsigte van die pre-forensiese evalueringstruktuur as siftingsinstrument vir die ondersoek na die moontlikheid van seksuele misbruik is gedurende die eerste stap van die data-insamelingsproses deur middel van 'n onderhoud geëksploreer. Hierdie eksplorasie het die volgende aan die lig gebring:

Al agt deelnemers bevestig dat dit hulle belewenis is dat die pre-forensiese evalueringstruktuur 'n voldoende siftingsinstrument vir die evaluering en ondersoek van kinder seksuele misbruik is. Een deelnemer het, nadat die vraag aan haar gestel is of sy dink dat die pre-forensiese evalueringstruktuur voldoende is om as siftingsinstrument gebruik te word, soos volg geantwoord: *"Ja, want hy is lekker in fases ingedeel wat jy wil 'explore'. Die ontwikkeling, die basislyn, die verskillende sisteme wat daar uitkom. Ek dink dis 'n baie, baie goeie sifting."*.

Nog 'n deelnemer het die volgende in hierdie verband gesê: *"Ja, ek dink so, want ek dink hy is so ontwerp, voldoende ontwerp, laat hy vir jou dadelik gaan uitwys as daar goed is waaroor jy moet bekommerd wees. Ek dink glad nie in enige stadium van hierdie proses, of op een of ander stadium van hierdie proses gaan daar iets deurskemer wat vir jou 'n rede gaan gee om verder te gaan met 'n verdere ondersoek. Daar gaan iets wees wat vir jou 'n mate van kommer gee en dit gaan jou motivering wees om of dan verder te gaan met verdere pre-forensiese tegnieke of dan met die forensiese ondersoek. Maar ja definitief."*

'n Ander deelnemer meld die volgende: *"Ja, want die pre-forensies wat ons gebruik dink ek is daar omtrent drie tegnieke wat elke ding toets so jy kan op die ou end as jy klaar is definitief sê, met sekerheid sê jy het dit drie keer na mekaar getoets, party keer selfs meer en dit, dis hoekom jy hierdie inligting gekry het.", "Ja, en jy kyk na alles, dit is ook 'n objektiewe manier om na goed te kyk, want jy vat slegs die inligting wat die kind vir jou gee."*

Gedurende stap 2 van die data-insamelingsproses van die navorsing is die volgende bevind: Uit die tien kliënte lêers uit die navorser se gevallelading is dit die navorser se belewenis en is dit ook deur middel van dokument analise van die kliënte lêers gestaaf dat

die pre-forensiese evaluering voldoende is as ‘n siftingsinstrument. Uit die tien gevalle wat by die navorsing ingesluit is, was daar na afloop van die pre-forensiese evaluering voldoende inligting om te bepaal of daar voortgegaan moes word met ‘n forensiese ondersoekproses of nie.

Uit voorafgaande is dit duidelik uit die dokument analise en die deelnemers se belewenis dat die pre-forensiese evaluering ‘n voldoende siftingsinstrument in die ondersoek van seksuele misbruik is.

## 8.5 TEMA 5: PRAKTIESE AANBEVELINGS

Gedurende stap 1 van die data-insamelingsproses, tydens die onderhoude met die deelnemers, is die deelnemers gevra om praktiese aanbevelings ten opsigte van die pre-forensiese evalueringsessie en -struktuur te maak. Gedurende stap 2 van die data-insamelingsproses van die navorsing met die dokument analise is die moontlikhede van praktiese aanbevelings ook geëksploreer. Die volgende subtemas het na vore gekom:

### 8.5.1 SUBTEMA 1: PRE-FORENSIESE EVALUERING OPDEEL IN TWEE OF MEER SESSIES

Vanuit stap 1 van die data-insamelingsproses van die navorsing is daar bevind dat drie van die agt deelnemers glo dat die pre-forensiese struktuur moontlik in twee of meer sessies opgedeel moet word. Die rede wat die deelnemers aangevoer het, is dat daar nie genoeg tyd toegelaat word vir die hoeveelheid tegnieke wat ingepas moet word nie.

Een van die deelnemers het in hierdie verband gesê: “*Wat ek vir myself uitgevind het en ek weet dit hang van mense af, dis vir my ‘n te lang proses om in een onderhoud te doen. Ongeag van die ouderdom van die kind is...ek voel dat dit vir my sinvol is om dit in twee of meer, twee of drie sessies te doen...”. “Ek het hoofsaaklik met kleintjies te doen en ek het uit my eie persoonlike belewenis gevind as die kind bietjie meer gemakliker is, deur net ‘n klein bietjie meer tyd te spandeer aan verhouding bou is dit asof die kind net so bietjie makliker kommunikeer.”*

‘n Ander deelnemer wat hiermee saam stem sê: *“...dis nou net my persoonlike belewenis dis so geweldige klomp goed om deur te werk en jy moet seker maak van jou inligting. So op die ou end van die dag sou ek sê ja, ek weet nie hoe doen mense dit in een sessie nie, veral met kleiner kinders, so hier van onder ses jaar.”*

‘n Volgende deelnemer wat ook saam stem het gesê: *“Sjoe, ek voel net party keer dis bietjie te lank, ek weet hulle sê jy moet dit miskien in een of twee sessies hou, maar ek voel persoonlik dis party keer bietjie lank.”*

Deur middel van die onderhoude is daar ook bevind dat twee van die deelnemers nie met bogenoemde uitspake saamstem nie. Een deelnemer het in hierdie verband die volgende gesê: *“...daar is baie kritiek hulle voel dis ‘n baie lang ding, dis baie uitputtend, ek voel as jy dit met een sessie kan klaar maak, as dit ‘n 90 minute sessie is en jy kan dit klaarmaak dan is dit goed. Dis uitputtend vir jou en die kind, maar dan is dit half, jy weet daar is nie ‘n onderbreking nie, maar as jy dit kan ‘justify’ soos as dit byvoorbeeld ‘n kind is wat regtig net 30 minute op ‘n slag kan konsentreer dan moet jy dit maar opbreek, want dan help dit nie jy straf jou en die kind en op die ou end kry jy nie die inligting wat die waarheid is nie, of wat nie akkuraat is nie, want die kind is moeg en die kind dink nie meer nie of die kind sê die heeltyd vir jou, ek weet nie, ek weet nie, ek weet nie. Tog is daar waarde daaraan om dit aaneen te doen, want ons is gefokus op een aspek en ons maak dit klaar. Kyk 90 minute is lank en ‘n mens is regtig moeg daarna, maar dis beter, as om ‘n volgende sessie te moet begin met: Onthou laas het jy dit vir my gesê, jy het vir my dit gesê oor mamma en pappa ek wil nou weet dit. Ek dink een sessie, maak dit klaar as jy kan.”*

‘n Ander deelnemer het die volgende gesê: *“Ek is heel ‘happy’ met hoe dit gestruktureer is, ek weet daar is mense wat sê dis moontlik bietjie lank en daar is baie tegnieke wat in een sessie moet gebeur, maar persoonlik voel ek daar is waarde daaraan, want die kind word bietjie moeg en dan is die ‘defences’ bietjie laer en dan kry ek tog die inligting wat jy dalk nie sou kry as jy die sessie gesplit het nie.”*

Uit stap 2 van die data-insamelingsproses van die navorsing is die volgende bevind: Uit die dokument analise van tien van die navorser se kliënte lêers blyk dit dat die pre-forensiese evalueringstruktuur wel voorsiening vir buigbaarheid maak, hoofsaaklik aangesien die doel van die pre-forensiese evaluering is om inligting rakende ‘n spesifieke kind in te samel wat dan as grondslag vir die verdere ondersoek sal dien. Die hoeveelheid

sessies word gevolglik bepaal deur elke kind se unieke behoeftes. Met betrekking tot bogenoemde word die volgende uit die dokument analise aangehaal: *"Die hoeveelheid forensiese onderhoude word bepaal deur faktore wat verband hou met die betrokke kind se situasie."*

Slegs een van die kliënte lêers word hier direk aangehaal, maar daar is gevind dat dieselfde kwessie in al tien die kliënte lêers wat in die dokument analise ingesluit is, gemeld is.

Inligting wat deurlopend gedurende die pre-forensiese evaluering ingesamel is sal vir die evalueerder 'n aanduiding gee of dit nodig is om die pre-forensiese evalueringstruktuur in twee of meer sessies op te deel, gebaseer op die spesifieke kind se behoeftes en/of vermoëns (Hewitt, 1999:214; Wilson & Powell, 2001:70).

### 8.5.2 SUBTEMA 2: SLEGS DEUR OPGELEIDE PROFESSIONELE PERSONE GEÏMPLEMENTEER WORD

Tydens stap 1 van die data-insamelingsproses van die navorsing is onderhoude met agt deelnemers gevoer. Uit hierdie onderhoude blyk dit dat die helfte van die deelnemers gedurende die onderhoude van mening is dat die pre-forensiese evaluering slegs deur professionele persone wat spesifiek opgelei is geïmplementeer moet word. Hierdie spesifieke deelnemers is van mening dat die evalueerder se vaardighede 'n invloed op die evalueringsproses en selfs op die kind se onthulling kan hê.

In hierdie verband het een deelnemer gesê: "*...jammer om te sê, maar hier is baie onopgeleide mense in hierdie praktyk", "Ek voel baie sterk daaroor dat jy moet opgelei wees in die veld spesifiek. Praktiese ondervinding tel baie, as jy kyk na die kriteria waaraan 'n deskundige moet voldoen, is praktiese ondervinding een, maar ek glo ook aan teoretiese, dis nie iets wat jy net uit praktyk ondervinding kan kry nie, jy moet 'n teoretiese grondslag hê."*

Bull en Corran (2002:320) het bevind dat die evalueerder 'n invloed op die kind en die ondersoekproses kan hê. Hulle meld ook dat die forensiese ondersoeker versigtig moet wees om nie haar rol as outoriteitsfiguur gedurende die onderhoud met die kind oor te beklemtoon nie. Hulle beveel dit aan aangesien dit sal help om die kind op sy gemak te

laat voel. ‘n Onderbeklemtoning van die gesagsrol van die ondersoeker sal ook verhoed dat die kind onnadenkend met voorstellende of uitlokkende inligting wat onbewustelik deur die forensiese ondersoeker oorgedra word sal saamstem.

Volgens Wilson en Powell (2001:76) werp ‘n kalm en vriendelike benadering met selfvertroue beter vrugte af. Hulle is van mening dat, indien die ondersoeker gespanne voorkom, ‘n betrokke kind dalk nie sal wil saam gaan of inligting aan haar sal wil verskaf nie. Hulle glo ook dat as ‘n kind moontlik gevoelig is vir die spanning wat die ondersoeker beleef, hy dit verkeerdelik kan interpreteer as bevestiging dat die kind ‘n rede het om angstig te wees.

Wilson en Powell (2001:76) stel dus voor dat die forensiese ondersoeker reeds met die eerste ontmoeting daarna moet streef om ‘n neutrale aanknopingspunt met die betrokke kind te vind sodat hy op sy gemak kan voel. Hulle noem byvoorbeeld dat die ondersoeker die betrokke kind op sy klere of skoene kan komplimenteer en dan meer daaroor uitvra.

Hulle beveel verder ook aan dat daar aanvanklik eerder gepoog moet word om die kind se aandag van die ondersoek af te lei as om hom verbaal gerus te stel (Wilson en Powell 2001:76). Hierdie aanbeveling word gedoen omdat hulle glo dat ‘n verbale gerusstelling deur die forensiese ondersoeker kan bydra tot die kind se onsekerheid en gevoelens van angs kan ontlok.

Wilson en Powell (2001:77) maak die voorstel dat die betrokke kind van ‘n mate van voorspelbaarheid voorsien moet word deur die struktuur van die evaluering met hom te bespreek. Hierdie voorspelbaarheid sal die betrokke kind laat ontspan omdat hy ‘n idee sal hê van wat om gedurende die evalueringsessie te verwag. Een deelnemer maak die volgende voorstel in hierdie verband: *“...ek sal aan hom verduidelik wie ek is en ek sal ook aan hom verduidelik wat ons gaan doen in die sessie...ek sal vir hom verduidelik ons gaan nie net speel nie, maar ons gaan sekere tipe werkies doen. Ek skep dan ook vir hom bietjie voorspelbaarheid oor wat ons gaan doen, wanneer ons gaan breek, wanneer ons gaan speletjies speel...”*

Walker (1998:1) maak sekere aanbevelings rakende die forensiese ondersoeker se styl en benadering tot die evalueringsproses. Sy stel voor dat die evalueringsproses altyd moet begin deur rapport met die kind te bou. Volgens haar kan dit gedoen word deur oop vrae

aan die betrokke kind te vra aangaande neutrale gebeure in sy lewe. Die volgende is voorbeelde van gepaste oop vrae:*"Wat het jy vanoggend gedoen?, Wat doen jy wat vir jou lekker is?* of *Vertel vir my enige iets wat jy wil van jouself..."*

Walker (1998:1) beklemtoon ook dat die forensiese ondersoeker noukeurig aandag moet gee aan alles wat die kind sê en aan hom die geleentheid moet bied om deur middel van vry narratief inligting deur te gee. Sy waarsku verder dat die forensiese ondersoeker versigtig moet wees om nie te vinnig na 'n volgende vraag oor te gaan nie, maar vir die kind genoeg tyd moet gee om elke vraag volledig te beantwoord.

Gebaseer op die belangrikheid van bogenoemde vaardighede is sommige van die deelnemers van die mening dat die forensiese praktyk in maatskaplike werk as 'n spesialiteitsveld geklassifiseer moet word. Een deelnemer is byvoorbeeld die volgende mening toegedaan: "*Ek voel baie sterk daaroor dat jy moet opgelei wees in die veld spesifiek. Praktiese ondervinding tel baie, as jy kyk na die kriteria waaraan 'n deskundige moet voldoen, is praktiese ondervinding een, maar ek glo ook aan teoretiese, dis nie iets wat jy net uit praktykondervinding kan kry nie, jy moet 'n teoretiese grondslag hê."*

Wilson en Powell (2001:77) konstateer dat dit aanvaarbaar is om die kind op goeie gedrag te komplimenteer. Die ondersoeker moet net te alle tye daarteen waak om nie die kind op die inhoud van die inligting te komplimenteer nie. Dit is ook nodig om die betrokke kind gerus te stel dat dit in orde is om te sê indien hy nie weet wat 'n antwoord is nie, of nie verstaan wat van hom verwag word nie. Spies (2006:225) bevestig bogenoemde deur daarna as "ground rules" te verwys wat tydens die inleidingsfase van die evaluering- of ondersoekproses aan die kind verduidelik moet word.

Tydens stap 2 van die data-insamelingsproses van die navorsing is die volgende gevind: Uit die dokument analise van tien van die navorser se kliënte lêers word daar in al tien die lêers na die bogenoemde verwys as die neerlegging van reëls om die kontaminasie van inligting te voorkom. Dit word soos volg uit die dokument analise aangehaal: "*The phased interview process as followed by the undersigned social worker begins with an introductory phase focused on establishing rapport with the child and preparing the child for her role in relaying information through free narrative. The introductory phase of the interview includes the establishing of ground rules for the interview to prevent the contamination of information (Lamb et al., 2008: 283)"*.

## 9. GEVOLGTREKKINGS

Die fokus van die navorsing was op die pre-forensiese evaluering van kinders by wie daar seksuele misbruik vermoed word. Die literatuuroorsig toon dat daar tans slegs beperkte literatuur rakende die pre-forensiese evaluering beskikbaar is. Gevolglik is daar 'n leemte in die teorie uitgewys en die behoefte aan verdere navorsing met betrekking tot die pre-forensiese evaluering is uitgelig.

Die insameling van data het in twee stappe plaasgevind. In stap 1 is semi-gestruktureerde onderhoude met professionele persone gevoer. Agt geregistreerde maatskaplike werkers het aan die navorsingsprojek deelgeneem en hul belewenisse ten opsigte van die gebruik van die pre-forensiese evaluering bekend gemaak. Die positiewe waarde van die pre-forensiese evaluering het sterk na vore gekom. Die navorser is oortuig dat hierdie 'n geldige gevolgtrekking is, hoofsaaklik, omdat al agt deelnemers die gebruik van die pre-forensiese evaluering as siftingsinstrument aanbeveel.

In stap 2 is 'n dokument analise van tien van die navorser se kliënte lêers gedoen. Inligting wat deur middel van die dokument analise verkry is ondersteun grootliks die inligting wat tydens stap 1 ingesamel is.

Die doelstelling van die navorsing was om die voordele verbonde aan die gebruik van die pre-forensiese evaluering as beginpunt van die ondersoekproses rakende seksuele misbruik te bepaal. Hierdie doelstelling is bereik deur agt professionele maatskaplike werkers se belewenis en ervaring ten opsigte hiervan te eksploreer. Die dokument analise van tien van die navorser se kliënte lêers het verder bygedra tot die bereiking van die voorafbepaalde doelstelling.

Die navorsing het bevind dat die professionele deelnemers die pre-forensiese evaluering as 'n waardevolle en akkurate siftingsinstrument beleef wat die volgende voordele vir die maatskaplike werker binne die forensiese praktyk inhou wanneer dit as beginpunt van die ondersoekproses gebruik word.

Hierdie siftingsinstrument:

- stel die evalueerder in staat om 'n holistiese beeld van die kind se sosio-emosionele funksionering te vorm;
- bevorder objektiwiteit en neutraliteit van die ondersoekproses;

- bied aan die ondersoeker die geleentheid om die bevoegdheidsevaluasie van die kind binne 'n nie-bedreigende omgewing te voltooi;
- skep vir die ondersoeker die geleentheid om rapport met die kind te bou.
- Voorsien die ondersoeker van riglyne vir die verdere forensiese ondersoekproses.

Gebaseer op bogenoemde inligting blyk dit dat die pre-forensiese evalueringsessie wel die forensiese ondersoekproses bespoedig, omdat daar in een sessie reeds uitgebreide betroubare inligting ingesamel kan word. Die feit dat die pre-forensiese evaluering as riglyn vir die verdere ondersoekproses dien, verseker dat 'n doelgerigte proses gevolg word. Daar kan dus met reg gesê word dat die inligting wat deur middel van die pre-forensiese evalueringsproses bekom is die maatskaplike werker in staat stel om die beweerde seksuele misbruik binne die kind se lewenskonteks te aanskou en sodoende word die kredietwaardigheid van die ondersoekproses bevorder.

## 10. AANBEVELINGS

### 10.1 Aanbevelings ten opsigte van die pre-forensiese evaluering

Gebaseer op die navorsingsbevindinge word die volgende praktiese aanbevelings ten opsigte van die pre-forensiese evaluering gemaak.

Daar word aanbeveel:

- dat die pre-forensiese evaluering gestandaardiseer word vir gebruik in alle ondersoeke na beweerde seksuele misbruik;
- dat welsynsorganisasies en die SAPD bewus gemaak word van, en opgelei word in die pre-forensiese evaluering se proses, waarde en voordele;
- dat opleidingsgeleenthede geskep moet word vir die opleiding van maatskaplike werkers in die veld ten opsigte van die implementering van die pre-forensiese evaluering;
- dat die pre-forensiese evaluering in 'n wyer veld toegepas moet word, naamlik vir alle kinders wat sorgbehoewend is en nie slegs vir wanneer aantygings van seksuele misbruik ondersoek word nie.

## 10.2 Aanbevelings met betrekking tot verdere navorsing

Gebaseer op die navorsingsbevindinge word die volgende aanbevelings met betrekking tot verdere navorsingstemas gemaak:

- Die evaluering van geldige evalueringstegnieke wat ingesluit kan word by die pre-forensiese evalueringstruktuur.
- Die evalueerder se belewenis van die pre-forensiese evalueringstruktuur.
- Die effektiwiteit van die pre-forensiese evalueringstruktuur as siftingsinstrument.
- SAPD en welsynsorganisasies se reaksies of belewenis rakende inligting wat deur middel van pre-forensiese evalueringsverslae tydens aanmeldings verstrek word.

## 11. BIBLIOGRAFIE

Ah Hing, A.D. 2010. The impact of child sexual abuse (CSA) on the school life experiences and academic performance of adult CSA survivors. Port Elizabeth: Nelson Mandela Metropolitan University. (Thesis-PhD).

American Academy of child and adolescent psychiatry (AACAP). 1995. Practice parameters for the psychiatric assessment of children and adolescents. Washington, DC: AACAP Publicatons department.

American Professional Society of Abused Children (APSAC). 2002. Practice guidelines: Investigative interviewing in cases of alleged child abuse.

Aucamp, L. 2012a. Trauma assessment and investigative process. Potchefstroom: NWU, Potchefstroom kampus. (Studiegids MWKF 878 PBC).

Aucamp, L. 2012b. Sexual abuse and physical battering. Potchefstroom: NWU, Potchefstroom kampus. (Studiegids MWKF 877 PBC).

Aucamp, L. 2012c. General child assessment. Potchefstroom: NWU, Potchefstroom kampus. (Studiegids MWKF 876 PBC).

Aucamp, L. 2012d. Purpose of pre-forensic evaluation. Potchefstroom: NWU, Potchefstroom kampus (Classnotes).

Babbie, E. 2004. The practice of social research. 10th ed. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Babbie, E. 2007. The practice of social research. 11thed. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Baker, R.L. 1995. The social work dictionary. Washington: NASW Press.

Bezuidenhout, F.J. 2008. Child sexual abuse. A reader on selected social isssues. Pretoria: Van Schaik.

Blom, R. 2004. Handbook of gestalt play therapy. Practical guidelines for child therapists. Fichardtpark: Druforma.

Bull, R. & Corran, E. 2002. Interviewing child witnesses: past and future. *International journal of police science and managerment,* 4(4):315-322.

Carnes, C.N., Nelson-Gardell, D., Wilson, C. & Orgassa, U.C. 2001. Extended forensic evaluation when sexual abuse is suspected: a multisite field study. *Child maltreatment,* 6(3):230-242.

Clark, C.R. 2009. Professional roles: key to accuracy and effectiveness. (In Kuehnle, K. & Connell, M.*eds*. The evaluation of child sexual abuse allegations: a comprehensive guide to assessment and testimony. Hoboken, NJ: John Wiley & Sons, Inc. p. 69-79).

Collins, R., Lincoln, R. & Frank, M.G. 2002. The effect of rapport in forensic interviewing. *Psychiatry, psychology and law,* 9(1):69-78.

Creswell, J.W. 2013. Qualitative inquiry & research design: choosing among five approaches. 3rd ed. Thousand Oaks, CA: Sage Publications.

Cronch, L.E., Viljoen, J.L. & Hansen, D.J. 2006. Forensic interviewing in child sexual abuse cases: current techniques and future directions. *Aggression and violent behaviour,* 11(2006): 195-207.

Davies, P. 2006. Exploratory research. The SAGE dictionary of social research. Available on http://srmo.sagepub.com/view/thesagepub/dictionary [Accessed: 20 Jan, 2013].

Delport, C.S.L. & De Vos, A.S. 2011. Professional research and professional practice. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 45-60).

Delport, C.S.L., Fouché, C.B., & Schurink, W. 2011. Theory and literature in qualitative research. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 297-306).

De Vos, A.S. 2002. Qualitative data analysis and interpretation. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B.,& Delport,C.S.L. *eds.* Reseach at grass roots: for social sciences and human service professions. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 339-355).

Du Plessis, M. 2012. The general child assessment model as a pre-forensic screening instrument for the young child. Potchefstroom: NWU. (Dissertation- MA).

Earl-Taylor, M. 2002. HIV/AIDS, the stats, the virgin cure and infant rape. Science in Africa – Africa's first on-line science magazien. Retreived from www.rapeoutcry.co.za/resources/hiv.doc on 3 November 2013.

Faller, K.C. 2007. Interviewing children about sexual abuse: controversies and best practice. New York, NY: Oxford university press.

Faller, K.C., Cordisco-Steele, L. & Nelson-Gardell, D. 2008. Allegations of sexual abuse of a child: What to do when a single forensic interview isn't enough. *Journal of child sexual abuse,* 19:572-589.

Fouché, C.B., & Schurink, W. 2011. Qualitative research design. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 307-327).

Goodyear-Brown, P. 2011. Handbook of child sexual abuse: identification, assessment and treatment. New York: Wiley. Available on http://books.google.co.za/books [Accessed: 25 February 2013].

Greeff, M. 2011. Information collection: interviewing. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport C.S.L. *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 341-375).

Grinnell, R.M. & Unrau, Y.A. 2008. Social work research and evaluation: foundations of evidence-based practice. New-York, NY: Oxford University Press.

Guest, G., Bunce, A. & Johnson, L. 2005. How many interviews are enough? An experiment with data saturation and variability. Field methods. http://www.sagepublications.com.

Herbert, M. 2000. Assessment of sexually abused children. *Behaviour Change,* 17(1):15-27.

Hershkowitz, I., Orbach, Y., Lamb, M.E., Sternberg, K.J. & Horowitz, D. 2006. *Child abuse & Neglect,* 30:753-769.

Hewitt, S.K. 1999. Assessing allegations of sexual abuse in preschool children: Understanding small voices. Thousand Oaks, CA: Sage Publications.

Johnson, C.F. 2004. Child sexual abuse. *Lancet,* 364:462-470.

Lamb, M.E., Hershkowitz, I., Orbach, Y. & Esplin, P. 2008. Tell me what happened: Structured investigative interviews of child victims and witnesses. Cambridge, UK: John Wiley & Sons Ltd.

Laraque, D., DeMattia, A. & Low, C. 2006. Forensic child abuse evaluation: a review. *The Mount Sinai Journal of Medicine,* 73(8):1138-1147.

Marshall, C. & Rossman, G.B. 2006. Designing qualitative research. 4th ed. Thousand Oaks, CA: Sage Publications.

Meiring, L. 2013. Kinderveiligheid: "Die lys misluk". *Beeld*: 7, 21 Okt.

Merrell, K.W., Ervin, R.A. & Grimpel-Peacock G. 2012. School psychology for the 21st century. Foundations and practices. 2nd ed. New York, NY: The Guilford Press.

Neuman, W.L. 2006. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. Boston, MA: Pearson Education Inc.

Newberry, J.J. & Stubbs, C.A. 1990. Advanced interviewing techniques. Glynco, Georgia: Bureau of alcohol tobacco and firearms national academy.

Olafson, E. & Lederman, C.S. 2006. The state of the debate about childrens disclosure patterns in child sexual abuse cases. *Juvenile and family court journal:* 27-40.

Pool, D.A. & Lamb, M.E. 1999. Investigative Interviews of Children. 2ed. Washington DC: Amercian Psychological Association.

Rempel, G.R., Neufeld, A. & Kushner, K.E. 2007. Interactive use of genograms and ecomaps in family caregiving research. *Journal of family nursing,* 13(4): 403-419.

Richter, L. & Higson-Smith, C. 2004. The many kinds of sexual abuse of young children. (In Richter, L., Dawes, A. & Higson-Smith, C., *eds*. Sexual abuse of young children in South Africa. Cape Town, SA: HSRC Press. p. 21-35).

Royce, D. 2004. Research methods in social work. London: Thomson Brooks/Cole.

Rubin, A. & Babbie, E. 2005. Research methods for social work. 5th ed. Australia: Thomson Brooks/Cole.

Sanderson, S. 2006. Counselling adult survivors of child sexual abuse. 3rd ed. London: Kingsley.

Schoeman, J.P. & Van Der Merwe, M. 1996. Entering the child's world: a Play therapy approach. Pretoria: Kagiso Publishers.

Schurink, W., Fouché, C.B., & De Vos, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., & Delport, C.S.L. *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 397-423).

Shilumani, C. 2004. Research update: Department of Health, health systems research, research co-ordination and epidemiology. Retrieved from internet at http://www.doh.gov.za/docs/research/vol6-1rape.html on 3 November 2013.

South Africa. 2007. Criminal Law (sexual offences and related matters) Amendment Act 32 of 2007. *Government Gazette.* Pretoria, South Africa: Government Printers.

Spies, G.M. 2006. Sexual abuse: Dynamics, assessment and healing. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.

Stebbins, R.A. 2001. Exploratory research in the social sciences. St. Louis: Sage, Available on http://books.google.co.za/books. [Accessed: 20 Jan, 2013].

Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human services professions. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., & Delport, C.S.L. *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 113-130).

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2011. Sampling and pilot study in qualitative research.(In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., & Delport, C.S.L. *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 390-396).

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 2000. Counseling children. 5th ed. Belmont, CA: Thompson/Brooks/Cole.

Vetten, L., Jewkes, R., Fuller, R., Christofides, N., Loots, L. & Dunseith, O. 2008. Tracking justice: The attrition of rape cases through the criminal justice system in Gauteng. Johannesburg: Tshwaranang Legal Advocacy Centre.

Walker, A.G. 1998. First steps in maximizing children's ability to give more complete, accurate report. Handout / maximizing reports.

Weyers, M.L. 2001. Demarcating the field of forensic social work in South Africa: A basis document. School of psychosocial behavioural sciences: Social Work Division. Potchefstroom: Potchefstroom University for CHE.

Wilson, C. & Powell, M. 2001. A guide to interviewing children: essential skills for counselors, police, lawers and social workers. New York, NY: Routledge.

**BYLAAG A: TAALVERSORGING**

Taalversorging van die navorsingsartikel getiteld:

VOORDELE VAN DIE PRE-FORENSIESE EVALUERING AS DEEL VAN DIE FORENSIES ONDERSOEKPROSES RAKENDE SEKSUELE MISBRUIK VAN ‘n KIND

**HEIL DIE LESER**

Hiermee verklaar ek dat ek verantwoordelik was vir die taalversorging van die manuskrip wat deur L Labuschagne (23873469) voorgelê is ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad *Magister* in Maatskaplike Werk (Forensiese praktyk). Ek was slegs verantwoordelik vir die taalversorging van die akademiese gedeelte wat begin met: 1. Inleiding en eindig met 10. Aanbevelings. Ek het geen insae gehad of insette gelewer in enige van die ander items soos vervat in die inhoudsopgawe nie, behalwe die ‘abstract’.

Die uwe

LL VAN TONDER

**CURRICULUM VITAE**

| | |
|---|---|
| Naam: | Linda Loraine van Tonder |
| ID nommer: | 450522 0017 085 |
| Adres: | Plot 313<br>Ceresstraat<br>Olympus<br>Pretoria |
| Telefoonnommer: | 083 764 1376 |
| Kwalifikasies: | BA Afrikaans Nedelands (III), Engels (II) & Duits (I)<br>Potchefstroom Universiteit vir CHO |
| | THOD – spesialisering: Afrikaans, Engels<br>Potchefstroomse Onderwys Kollege |
| | B.Ed<br>UNISA |
| | M.Ed Onderwysbestuur (cum laude)<br>RAU |
| | M Phil Spelterapie (cum laude)<br>Stellenbosch |
| | BA AGAPé Therapy<br>ICI University, Toronto, USA |
| | Diploma Berading (cum laude)<br>Theologos |
| Tans: | Doktorale student aan Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus |
| Ondervinding: | 10 jaar Graad 12 Afrikaans en Engels aangebied by TOD |
| | 10 jaar N4 – N6 Kommunikasie/Communication by Tegniese Kollege Benoni |
| | 10 jaar Nasionale Eksaminator by Departement Tegniese Onderwys – Kommunikasie/Communication N4 |
| | 5 jaar Nasionale Moderator by Department Tegniese Onderwys – Inleidende Kommunikasie |
| | Verskeie boeke vir CUM-Uitgewers Maatskappy vertaal vanuit Afrikaans na Engels sowel as vanuit Engels na Afrikaans. |

## BYLAAG B: DIE SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE

VOORDELE VAN DIE PRE-FORENSIESE EVALUERING
AS DEEL VAN DIE FORENSIES ONDERSOEKPROSES
RAKENDE SEKSUELE MISBRUIK VAN 'n KIND

**Magister in Maatskaplike Werk (Forensiese Praktyk)**

**Semi-gestruktureerde onderhoudskedule**

**Navorser:** **Lizette Labuschagne**

**Deelnemer:** ________________________

**Onderhoud datum:** ____________________________ **tyd:**___________________

1. Wat is die proses wat jy volg wanneer jy 'n evaluering en ondersoek met 'n kind by wie daar seksuele misbruik vermoed word doen?

2. Maak jy gebruik van die pre-forensiese evalueringstruktuur? Hoekom of hoekom nie?

3. Wat is die voordele daaraan verbonde om van die pre-forensiese evaluering gebruik te maak?

4. Wat is die nadele daaraan verbonde om van die pre-forensiese evaluering gebruik te maak?

5. Dink jy die pre-forensiese evalueringstruktuur is voldoende om as siftingsinstrument gebruik te word?

6. Watter praktiese aanbevelings rakende die pre-forensiese evalueringstruktuur kan jy maak?

**BYLAAG C: VOORBEELD VAN VRYWARINGSVORM GETEKEN DEUR DEELNEMERS**

## VRYWARINGSVORM

**MAGISTER IN MAATSKAPLIKE WERK (FORENSIESE PRAKTYK)**
**TITEL: VOORDELE VAN DIE PRE-FORENSIESE EVALUERING AS DEEL VAN DIE FORENSIESE ONDERSOEKPROSES RAKENDE SEKSUELE MISBRUIK VAN 'N KIND**

Hiermee bevestig ek,_______________________________________________, dat

- die student Lizette Labuschagne skriftelike inligting ten opsigte van die doel van bogenoemde navorsing en my deelname, aan my voorsien het.
- dat ek vrywillig instem om aan die navorsing deel te neem en dat ek verstaan dat ek op enige stadium my deelname kan onttrek.
- dat daar 'n bandopname van die onderhoud geneem sal word.

Ek stem dus in om aan die navorsing deel te neem en gee toestemming aan Lizette Labuschagne om 'n bandopname van die onderhoud te neem.

______________________________ ______________________________

Handtekening Datum

**BYLAAG D: PRE-FORENSIESE EVALUERINGSTRUKTUUR**

**KINDER PRE-FORENSIESE EVALUERINGSTRUKTUUR**

DATUM VAN EVALUERING:______________________________________________________________________________

NAAM VAN BETROKKE KIND: _______________________________________________OUDERDOM:___________________

VERJAARDAG: _____________________________ ADRES: ______________________________________________________

**<u>FASE 1: INLEIDINGS FASE ('INTRODUCTION PHASE')</u>**

1.1. ONTMOETING

1.2. EKSPLOREER KIND SE PERSEPSIE VAN HOEKOM HY/SY DAAR IS

_____________________________________________________________________________________________________

1.3. STRUKTUREER SESSIE VIR KIND

1.4. NEERLEGGING VAN REËLS OM DIE KONTAMINASIE VAN INLIGTING TE VOORKOM

1.5. BESPREEK REGTE VAN KIND GEDURENDE DIE SESSIE

**<u>KOGNITIEWE ONTWIKKELINGSVLAK EVALUERING DEEL VAN FASE 6</u>**

6.1 YSBREKER en KOGNITIEWE ONTWIKKELINGSEVALUERING:

- kognitiewe ontwikkeling – groot -motoriese aktiwitiet
    - Bal speletjies: rol, hop, vang, skop (koördinasie – oog-voet-hand)
    - Een beentjie staan, spring, lyn loop / Superstilts (Liggaamsbalans)
    - Flip & Catch (oog-hand / voet koördinasie)
    - kraletjies ryg/ knip/ blokkies bou / teken (fyn-motories oog-hand)

**FASE 2: BEVOEGDHEIDSEVALUASIE**

2.1 OPLEIDING IN EPISODIESE GEHEUE

- Wat het jy gister gedoen?

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

________________________________________________________

2.2 Toets of kind tussen waarheid en leuen kan onderskei:________________________________________

2.3 Eksploreer die morele implikasies van ‘n leuen:_____________________________________________

2.4 Ooreenkoms om slegs die waarheid te praat gedurende die evaluering:_______________________________

**FASE 3: ONDERHOUD**

3.1 TEGNIEK: EKO-GRAM (Rempel, Neufeld en Kushner, 2007:1)

Stel ‘n eko-gram op met die hulp van die kind, om al die sisteme betrokke by in die kind se leefwêreld te identifiseer. Die eko-gram word geëksploreer d.m.v die basislyn vra.

- **Nadat al die sisteme in die kind se lewe geïdentifiseer is, vra vir kind watter sisteem hy/sy eerste wil bespreek.**

3.2 BASISLYN VRAE

3.2.1 **SISTEEM: SKOOL**

- Is jy in die skool? ______________________________________________________________
- Vertel my van jou skool?____________________________________________________________
- Wat is jou skool se naam?___________________________________________________________
- In watter graad is jy? _____________________________________________________________
- Wie is jou juffrou / register Juffrou?_________________________________________________
- Hoe is hy/sy?____________________________________________________________________

- Positief: Is hy/sy altyd so?________________________________________________
- Negatief: Wat maak dat hy/sy __________ is? ____________________________________________
  - Wat doen hy/sy as hy/sy ________is? ____________________________________________

- Wat doen jy by die skool? ____________________________________________________________
- Wat speel jy by die skool / wat doen jy pouse? __________________________________________
- Wie is jou gunsteling onderwyser / persoon by die skool? _____________________________
- Wie is die onderwyser / persoon van wie jy die minste hou? ___________________________
- Wat maak dat jy nie van hom/haar hou nie? _______________________________________________
- Wat is vir jou lekker by die skool?______________________________________________________
- Wat is nie vir jou lekker by die skool nie?_______________________________________________
  - Wat maak dat dit nie vir jou lekker is nie?_____________________________________________
  - Wat doen jy as dit gebeur? ______________________________________________________
- Het jy 'n geheim met iemand by die skool?_______________________________________________
- Hoe voel jou hartjie as jy by die skool is?________________________________________________
  - Positief: Voel dit altyd so of party keer anders?____________________________________
  - Negatief: Wat maak dat dit so voel? ___________________________________________
    - Wat maak jy as jy so voel? ___________________________________________________

NA SKOOL:

- Wat doen jy na skool?__________________________________________________________________

| **Naskool sentrum** | **OF** | **Huis:** |
|---|---|---|
| • Vertel my van die naskoolsentrum: | | Wat doen jy by die huis? |
| • Wat doen jy by die naskoolsentrum? | | Wie help jou met jou huiswerk? |
| • Wat speel jy by die naskoolsentrum? | | Hoe is dit as _______ jou help met jou huiswerk? |
| • Wat is vir jou die lekkerste by die naskoolsentrum? ___________________________ | | As niemand help nie, wil jy graag hê iemand moet jou help? ____________ Wie? ____________ |

- Wat is nie vir jou lekker by die naskool nie?

______________________________________________________________________________________

- Hoe voel jou hartjie as jy by die naskool is? ______________________________________________________
- Positief: Voel jy altyd so of party keer anders? ____________________________________________________
- Negatief: Wat maak dat jy so voel? _____________________________________________________________
- Wat doen jy as jy so voel?_________________________________________________________________
- Hoe kom jy by die huis / wie kom haal jou by die naskool? _____________________________________________
- Wie is by die huis as jy daar kom? _______________________________________________________________

### 3.2.2 **SISTEEM: PORTUURGROEP**

- Vertel my van jou maats: ____________________________________________________________
- Indien kind nie maats het nie:
  - Wat maak dat jy nie maatjies het nie?_______________________________________________
  - Hoe voel jou hartjie as jy nie maatjies het nie? __________________________________________
  - Wat doen jou pouse as jy nie maatjies het nie? __________________________________________
  - Is daar iemand met wie jy graag maatjies wil wees? _____________________________________
- Hoeveel maatjies het jy? ______________________________________________________________
- Is dit seuntjies of dogtertjie maatjies? _________________________________________________
- Wat is hulle name? __________________________________________________________________
- Hoe oud is hulle? ___________________________________________________________________
- Wat doen julle saam? ________________________________________________________________
- Wat speel julle saam / wat doen julle pouse? _____________________________________________
- Watter maatjie is die baas d.w.s wie besluit wat gaan julle doen / speel? ______________________________
- Wat gebeur as jy en jou maatjies baklei? _________________________________________________
- Wat doen jy as die maatjies baklei? _____________________________________________________
- Wie is jou beste maatjie?______________________________________________________________
- Wat maak dat hy/sy jou beste maatjies is? _________________________________________________

- Is daar ‘n maatjie van wie jy nie hou nie? ___________________________________________________________
- Wat maak dat jy nie van die maatjie hou nie? __________________________________________________________
- Hoe voel jou hartjie as jy by jou maatjies is? ___________________________________________________________
- Positief: Voel dit altyd so of party keer anders? _______________________________________________________
- Negatief: Wat maak dat dit so voel? _________________________________________________________________
- Het jy ook ander maatjies by die huis as by die skool? ___________________________________________________
- Vertel my van hulle?_______________________________________________________________________
- Slaap jy ooit oor by maatjies? _______________________________________________________________________
- Hoe is dit as jy by die maatjie oorslaap?______________________________________________________________
- Kom ‘n maatjie ooit by jou oorslaap? ___________________________________________________________________
- Hoe is dit as jou maatjie by jou oorslaap?____________________________________________________________

3.2.3 **SISTEEM: GESIN** (Wie bly almal saam jou in jou huis?)

| | Persoon 1 | Persoon 2 | Persoon 3 | Persoon 4 | Persoon 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| Wat is sy/haar naam: | | | | | |
| Hoe is hy/sy? Wat se tipe mens is hy/sy? Positief: Is sy/hy altyd so of party keer anders? Negatief: Wat maak dat sy ----is? | | | | | |
| Wat se werk doen hy/sy? | | | | | |
| Wat doen julle saam? | | | | | |
| Wat speel julle saam? | | | | | |
| Wat is die lekkerste om saam te doen? | | | | | |
| Wat is nie lekker om saam te doen nie? | | | | | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Het jy en ----- ‘n geheim?<br>Ja: Vertel my daarvan… | | | | | |
| Speel jy en ---- ooit ‘n speletjie waar julle, julle lyfies gebruik? | | | | | |
| Hoe voel jou hartjie as jy by ---- is?<br>Positief: voel hy altyd so of party keer anders?<br>Negatief: Wat maak dat hy so voel?<br>Wat doen jy as jou hartjie so voel? | | | | | |
| Hoe voel ---- se hartjie as hy/sy by jou is? | | | | | |

**3.2.3.1 Intieme verhouding / Huweliksverhouding:**

- Vertel my van mamma en pappa: ______________________________________________
- Wat doen hulle saam? ______________________________________________
- Wat speel hulle saam? ______________________________________________
- Wat gebeur as hulle baklei? ______________________________________________
    - Wat maak dat hulle baklei? ______________________________________________
    - Wat doen mamma as hulle baklei? ______________________________________________
    - Wat doen pappa as hulle baklei? ______________________________________________
    - Hoe laat dit jou hartjie voel?______________________________________________

**3.2.3.2 Gesin interaksie:**

- Wat doen julle as julle almal (hele gesin) bymekaar is? ____________________________________________
- Wat speel julle as gesin saam?______________________________________________________________
- Hoe voel jou hartjie as julle almal saam is?______________________________________________________

**3.2.3.3 Verdere eksplorasie:**

- As mamma hulle nie by die huis is nie, by wie kuier jy? Of wie kuier by jou? _____________________________

**3.2.3.4 Ander gesin-sisteem:**

- Het jy ook 'n ander mamma of pappa? ________________________________________________________

Indien Ja:

  - Vertel my van hom/haar? ____________________________________________________________
  - Waar bly hy/sy? __________________________________________________________________
  - Wat maak dat hy/sy daar bly? ________________________________________________________
  - Wat maak dat hy/sy nie by julle bly nie? _______________________________________________
  - Gaan kuier jy by hulle? _____________________________________________________________
  - Wanneer kuier jy by hulle/hoe gereeld sien jy hulle? ________________________________________
  - Wat doen julle almal saam? __________________________________________________________
  - Hoe voel jou hartjie as jy by hulle gaan kuier? ___________________________________________

- Wie bly almal saam met ___________?

| | **Persoon 1** | **Persoon 2** | **Persoon 3** | **Persoon 4** | **Persoon 5** |
|---|---|---|---|---|---|
| Wat is sy/haar naam: | | | | | |
| Hoe is hy/sy? Wat se tipe mens is hy/sy? Positief: Is sy/hy altyd so of party keer anders? Negatief: Wat maak dat sy ----is? | | | | | |
| Wat se werk doen hy/sy? | | | | | |
| Wat doen julle saam? | | | | | |
| Wat speel julle saam? | | | | | |
| Wat is die lekkerste om saam te doen? | | | | | |
| Wat is nie lekker om saam te doen nie? | | | | | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Het jy en ----- ‘n geheim?<br>Ja: Vertel my daarvan… | | | | | |
| Speel jy en ---- ooit ‘n speletjie waar julle, julle lyfies gebruik? | | | | | |
| Hoe voel jou hartjie as jy by ---- is?<br>Positief: voel hy altyd so of party keer anders?<br>Negatief: Wat maak dat hy so voel?<br>Wat doen jy as jou hartjie so voel? | | | | | |
| Hoe voel ---- se hartjie as hy/sy by jou is? | | | | | |

**Intieme verhouding / Huweliksverhouding:**

- Vertel my van mamma en pappa: ______________________________________________________
- Wat doen hulle saam? _____________________________________________________________
- Wat speel hulle saam? _____________________________________________________________
- Wat gebeur as hulle baklei? _________________________________________________________
    - Wat maak dat hulle baklei? _____________________________________________________
    - Wat doen mamma as hulle baklei? ________________________________________________
    - Wat doen pappa as hulle baklei? _________________________________________________
    - Hoe laat dit jou hartjie voel?____________________________________________________

**KOGNITIEWE ONTWIKKELINGSVLAK EVALUERING DEEL VAN FASE 6**

6.2 Geslagsrol identifikasie ____________________________________________________________

6.3 Toets vermoë om verteenwoordigende skuif ('Representational shift') te kan maak______________________________

**FASE 4: ALGEMENE TEGNIEKE (HOLISTIESE PROJEKSIE TEGNIEKE)**

4.1 TEGNIEK: EMOSIONELE GESIGGIES

4.2 TEGNIEK: MENSTEKENING (Schoeman & Van Der Merwe, 1996:72)

**KOGNITIEWE ONTWIKKELINGSVLAK EVALUERING DEEL VAN FASE 6**

6.4 Ruimtelike oriëring:

Vra die kind om die boontjie sakkie:

Bo-op ; Agter; Voor; Bo; Onder; Binne-in; Langs

… die tafel, asblik, ens te plaas.

**FASE 4: ALGEMENE TEGNIEKE (HOLISTIESE PROJEKSIE TEGNIEKE) -VERVOLG**

4.3 TEGNIEK: MAANREIS EN 3 WENSE (Winkley soos in American Academy of Child and Adolescent Psychiatry (AACAP), 1995:12)

4.4 TEGNIEK: KINETIESE GESINS TEKENING (Merrell, Ervin en Grimpel-Peacock (2012:181).

**KOGNITIEWE ONTWIKKELINGSVLAK EVALUERING DEEL VAN FASE 6**

6.5 Identifisering van basiese kleure: Rooi; Groen; Blou; Geel; Oranje

6.6 Idendifisering van basiese vorms: ○ □ ▭ △ ◇

**FASE 4: ALGEMENE TEGNIEKE (HOLISTIESE PROJEKSIE TEGNIEKE) –VERVOLG**

4.5 TEGNIEK: SINSVOLTOOING (Blom, 2004:262; Thompson & Rudolph, 2000:168).

Verduidelik aan die kind: "Ek wil jou baie graag nog bietjie beter leer ken en nog 'n manier om dit te doen is deur sinnetjies saam met jou te maak. Ek gaan die sinnetjie begin en jy moet die sinnetjie vir my klaar maak."

1. By die skool…………………………………………………………………………………………………………………………
2. Toe ek klein was ……………………………………………………………………………………………………………………
3. Ek sal graag wil ……………………………………………………………………………………………………………………
4. Ek is op my gelukkigste wanneer ………………………………………………………………………………………….
5. Ek wens ……………………………………………………………………………………………………………….
6. Mense is baie keer ………………………………………………………………………………………………………….
7. By die huis ………………………………………………………………………………………………………………
8. Die slegste ding wat kan gebeur……………………………………………………………………………………………
9. Mense dink dat ek ……………………………………………………………………………………………………….
10. Ek voel die slegste wanneer…………………………………………………………………………………………...
11. Pappa is baie keer ………………………………………………………………………………………………………….
12. My boetie/sussie ……………………………………………………………………………………………………………
13. Die ding wat my die meeste pla …………………………………………………………………………………………
14. My maats sê dat ek…………………………………………………………………………………………………….
15. Ek voel baie keer…………………………………………………………………………………………………………
16. Hoekom kan ek nie…………………………………………………………………………………………………………
17. Ek voel hartseer wanneer……………………………………………………………………………………………..
18. Ek dink baie keer…………………………………………………………………………………………………………
19. Meisies is……………………………………………………………………………………………………………..
20. Mamma is baie keer……………………………………………………………………………………………………..
21. Meeste mans…………………………………………………………………………………………………………..
22. Meeste vrouens……………………………………………………………………………………………………….
23. Seuns is……………………………………………………………………………………………………………..

24. Wanneer ek gaan slaap……………………………………………………………………………………………………………..

25. Ek is bang……………………………………………………………………………………………………………………..

26. Ons gesin…………………………………………………………………………………………………………………………

**FASE 5: EVALUERING VIR MOONTLIKE MISHANDELING / SEKSUELE MISBRUIK**

5.1 TEGNIEK: HUIS EN GEMEENSKAPSPLAN (Aangepas uit Spies, 2006:218)

5.2 TEGNIEK: LIGGAAM BUITELYN ('BODY OUTLINE') (Aangepas uit Spies, 2006:224).

**FASE 6: TERMINERING**

## BYLAAG E: PLEGTIGE VERKLARING

## PLEGTIGE VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Lizette Labuschagne, dat hierdie artikel getitel "Voordele van die pre-forensiese evaluering as deel van die forensiese ondersoekproses rakende seksuele misbruik van 'n kind" my eie werk is. Ek verklaar ook dat alle bronne en verwysings waarvan daar gebruik gemaak is of aangehaal is deur my deur middel van gestandaardiseerde verwysings tegnieke aangedui en erken is.

____________________________ ____________________________

Handtekening Datum